HOOFSTUK 5

5. ONDERWYS AAN IMMIGRANTEKINDERS IN DIE BUITELAND

5.1 Inleiding

In die lig van die probleemstelling[1] in die vorige hoofstuk, dat die intraverhouding in die tradisionele idiostante kultuurkring versteur word deur 'n toenemende aantal vreemde immigrantekinders, vir wie die kontinuïteit van opvoeding deur immigrasie versteur word[2] en in 'n poging om die onderwys aan immigrantekinders in die ondersoekterrein te evalueer en riglyne ter verbetering in die toekoms aan te dui, is die onderwys aan immigrantekinders in die buiteland nagevors[3]. Omdat immigrasie in die R.S.A. deel van die veel omvangryker internasionale migrasie vorm[4], is die onderwys aan immigrantekinders in verskillende immigrasielande gedurende 1972 nagevors deur literatuurstudie en ondersoek ter plaatse[5]. Na ordening, beskrywing en interpretasie van die gegewens van elke land afsonderlik is die essensiële gegewens tot 'n tabel gereduseer[6]. Deur effening tot vergelykbaarheid is ooreenstemmende en teenstellende gegewens en aspekte wat vir hierdie ondersoek van belang is, geklassifiseer[7] met die oog op formulering van kriteria waarvolgens die onderwys in die ondersoekterrein en in die buiteland verder geëvalueer kan word ter wille van voorstelle vir effektiewe onderwys aan immigrantekinders hier te lande.

---

1. Potgieter, F.J. Die probleem van vergelyking en evaluering in die pedagogiek, p. 5.
2. Vergelyk paragrawe 1.4.3 en 4.2.1.
3. Scholtz, A. Die probleem van vergelyking in die pedagogiek, p. 62.
4. Vergelyk paragraaf 5.3.
5. Vergelyk paragrawe 1.5 en 5.2.
6. Vergelyk paragrawe 5.3 en 5.4; Potgieter, F.J. Op. cit., p. 6.
7. Loc. cit.

5.2 Metode van ondersoek

In die lig van die probleemstelling[8] was dit nodig om vas te stel hoe die onderwys aan immigrantekinders in die immigrasielande verskaf word, aangesien-

"The problems and purposes of education have in general become somewhat similar in most countries; the solutions are influenced by differences of tradition and culture of each"[9].

So 'n sistematiese studie wat die ooreenstemmende en teenstellende oplossings en die onderliggende faktore wat verskille bepaal, kan blootlê[10], rus die ondersoeker beter toe om die plaaslike probleem te verstaan en vir die toekoms te beplan[11]. Die oplossings van die probleem wat in die vreemde gevind is, kan egter nie sonder meer op die toestand in die R.S.A. oorgeplaas word nie. Die volgende prosedure is gevolg om elke nasionale stelsel van onderwysverskaffing aan immigrantekinders te bestudeer[12]:

(1) Ter voorbereiding is 'n literatuurstudie van alle beskikbare relevante amptelike en nie-amptelike dokumente van die betrokke land as historiese bronne gemaak[13]. Hierdie gegewens is aangevul deur veldbronne, dit wil sê persoonlike waarneming en versameling van mondelinge getuienis tydens formeel gestruktureerde en vrye onderhoude[14] met belanghebbende verantwoordelike persone in die onderwys van immigrantekinders in die immigrasielande[15]. Korrespondensie

---

8. Mallinson, V. Comparative education, p. 10.
9. Hans, N. Comparative education, p. 5.
10. Mallinson, V. Op. cit., p. 10.
11. Hans, N. Op. cit., p. 3.
12. Ibid, p. 7.
13. Scholtz, A. Op. cit., p. 40; Vergelyk ook paragraaf 1.5.
14. Van Dalen, D. B. & Meyer, W.J. Understanding educational research, pp. 254 - 262.
15. Vergelyk persoonlike onderhoude en korrespondensie.

is met administratiewe personeel in lande wat nie besoek is nie gevoer. Persoonlike besoeke is aan kleuter-, primêre en sekondêre skole en aan jeug- en taalsentra in die betrokke lande gebring om direk waar te neem en vas te stel welke dinamiese faktore die verskillende oplos= sings van basies dieselfde probleem in die verskillende lande motiveer[16].

(2) Die gegewens is vervolgens in die lig, onder andere van historiese, politieke, ekonomiese en sosiale faktore ge= interpreteer en beskryf[17], omdat

"the things outside the schools matter even more than the things inside the schools, and govern and inter= pret the things inside"[18].

(3) Die onderwys van immigrantekinders in elke land is vir vertikale en horisontale vergelyking naas mekaar ge= stel[19] deur die magdom feite tot die essensiële in 'n tabel te reduseer[20].

(4) Die werklikhede, wat vergelykbaar is, is vervolgens gekategoriseer in ooreenkomste en verskille om dit in die lig van die probleem te vergelyk en te evalueer met die oog op die stel van geldige kriteria vir die onderwys van immigrantekinders[21].

---

16. Mallinson, V. Op. cit., p. 16; Moehlman, C.H. & Roucek, J.S. Comparative education, pp. 1 - 35.
17. Bereday, G.Z.F. Comparative method in education, pp. 11 - 17.
18. Kandel, I.L. The new era in education, p. 9; Cramer, J.F. & Brown, G.S. Contemporary education, pp. 1 - 21.
19. Schneider, F.S. Ein halbes Jahrhundert erlebter und mit= gestalterer vergleichender Erziehungswissenschaft, p. 87.
20. Potgieter, F.J. Op. cit., p. 6.
21. Scholtz, A. Op. cit., pp. 41, 42 en 56.

5.3 Migrasie en onderwysverskaffing aan immigrantekinders in sekere immigrasielande

Immigrasie, die onderwysbeleid en onderwysverskaffing aan immigrantekinders in Israel, die Bondsrepubliek Duitsland land, Switserland, Frankryk, Nederland, België, die Europa= skole, Engeland, Kanada en die Verenigde State van Amerika word vervolgens teen die agtergrond van die omvangryker inter= nasionale inter- en intrakontinentale migrasie beskryf.

5.3.1 Inter- en intrakontinentale migrasie

Die industriële en wetenskaplike rewolusie, wat met 'n onge= kende bevolkingstoename gepaard gaan en wat die mens se lewe ingrypend verander het, het inter- en intrakontinentale be= volkingsbeweging sonder weerga gemotiveer[22]. Miljoene mense uit bykans alle lande en volke met uiteenlopende tale migreer en vorm in steeds toenemende getalle die lewens- en arbeidsgemeenskap van immigrasielande soos België, die Bondsrepubliek Duitsland, Frankryk, Nederland, Oostenryk, Swede, Switserland, Engeland, die V.S.A., Kanada, Australië en die R.S.A. Die emigrasielande is grootliks Portugal, Span= je, Italië, Griekeland, Joego-Slawië, Turkye, Algerië, België, Wes-Duitsland, Frankryk, die Britse Eilande, Nederland, die Skandinawiese lande en Oostenryk[23]. Vlugtelinge migreer ook uit Pole, Tsjeggo-Slowakye, Hongarye en Joego-Slawië. Die mees unieke volkstrek wat gedurende die afgelope twintig eeue voorgekom het, is die terugkeer van die Joodse volk en die herstel van Israel[24].

---

22. Barnard, W.S. & Nel, A. Bevolkingsaardrykskunde, pp. 28 - 34.
23. Koch, Herbert R. Gastarbeiterkinder in deutschen Schulen, p. 1.
24. Esegiël 36 : 24;
    Esegiël 37;
    Vergelyk paragraaf 5.3.2.

Die intrakontinentale migrasiebeweging in Europa verskil van die meer permanente migrasie na ander kontinente. Eersgenoemde verhuising is meer tydelik en periodiek van aard, nl. dié van trekarbeiders wat weer na hulle tuisland wil terugkeer. Hier= die tydelike trekarbeid, wat veral uit die ekonomies arm lande aan die periferie van Europa na die meer welvarende sentraal-Europese lande migreer, die sogenaamde ausländische Arbeit= nehmer, of Gast- of Fremdarbeiter, migreer met tydelike per= mitte. Op migrasie volg drie stadia in die lewe van die Gast= arbeiter : om hom te vestig, om sy gesin te laat kom en hulle te vestig, en derdens moet hy besluit of hy bly en inte= greer of gaan terugkeer na die vaderland. Vanweë ekonomiese oorwegings doen duisende Gastarbeiter uiteindelik aansoek om permanente vestiging[25].

Bogenoemde volkstrek bring mee dat duisende immigrantekinders hulle in 'n vreemde land, waar hulle skoolpligtig is, bevind. Die doel van die ouers se immigrasie en die betrokke land se ekonomiese en immigrasiebeleid bepaal die onderwysbeleid en onderwysverskaffing aan immigrantekinders in hulle besondere problematiese pedagogiese situasie, soos duidelik verder sal blyk uit 'n analise van die onderwys aan immigrantekinders in die immigrasielande.

5.3.2 Die unieke immigrasiesituasie in Israel

Die onderwys aan immigrantekinders in Israel word teen die agtergrond van Eretz Israel beskryf, en vir dié doel word aandag geskenk aan die nasionale karakter van die onderwys aan immigrantekinders, godsdiens, taal, skoolplig, gratis onderwys, tipes skole en kurrikula, private skole, regis= trasie by aankoms, klasindeling, wat vir die immigrantekinders gedoen word, metode van bevordering en vergunnings, Jeug Aliyah, ouers en personeelvoorsiening.

---

25. Koch, Herbert R. Op. cit., pp. 1 - 3.

5.3.2.1 Eretz Israel

Volgens die profesieë dat die Here God Israel sal verstrooi onder die nasies en versprei in die lande[26] het die Jode vir byna 20 eeue in die Diaspora gebly[27] nadat hulle deur die Romeine in 70 n.C. uit Jerusalem verdryf is[28]. Gedurende hierdie tydperk was Eretz Israel die middelpunt van hulle verlange. Hierdie verlange is verwesenlik met die totstandkoming van die staat Israel op 14 Mei 1948, wat hulle terugkeer sinvol maak en wettig[29]. Gedurende 1950 het die Israelse Parlement, die Knesset, die Wet van Terugkeer aangeneem, wat onder andere bepaal dat elke Jood, met die uitsondering van diegene wat 'n gevaar vir die publieke gesondheid en veiligheid van die Staat is, die reg op immigrasie en burgerskap by hulle aankoms in Israel het. Die immigrasiebeleid beoog in ooreenstemming met die profesieë die nasionale herstel van Israel[30]. Immigrasie word bevorder en behartig deur die Wêreld Sionistiese Organisasie, wat deur Theodor Herzl in 1897 in Basel gestig is, die Joodse Agentskap, wat van 1929 dateer, Jeug Aliyah en Aliyat Hanoar, wat met die Nazi-opkoms in 1930 gestig is. Tabel 44 toon die demografiese omvang van die Joodse emigrasie uit Amerika, Oseanië, Europa, Afrika en Asië na Israel.

---

26. Ésegiël 36 : 19; Lukas 21 : 24;
Kroeze, J.H. Handboek Bybelse geskiedenis. Die Ou Testament, pp. 48 en 499.

27. American section of the Jewish Agency for Israel in cooperation with the Information Department of the Jewish Agency for Israel. The Story of the Jewish Agency for Israel, pp. 1 - 10.

28. Groenewald, E.P. Handboek Bybelse geskiedenis. Die Nuwe Testament, p. 58.

29. American section of the Jewish Agency for Israel in cooperation with the Information Department of the Jewish Agency for Israel. Loc. cit.

30. Ésegiël 36 : 24;
Ésegiël 37;
Kroeze, J.H. Loc. cit.

Tabel 44

Joodse immigrante[1] en toeriste[2] wat hulle in Israel gevestig het van 1948 tot 1972*

Jaar	Aantal Immigrante	Jaar	Aantal Immigrante	Jaar	Aantal Immigrante
1948	101 828	1957	71 224	1966	15 730
1949	239 576	1958	27 082	1967	14 327
1950	170 249	1959	23 895	1968	20 544
1951	175 095	1960	24 510	1969	37 804
1952	24 369	1961	47 638	1960	36 928
1953	11 326	1962	61 328	1971	38 000
1954	18 370	1963	64 364	1972	40 000
1955	37 478	1964	54 716	Totaal	1 443 351
1956	56 234	1965	30 736		

*Central bureau of statistics. Immigration to Israel 1969, tabel 31.

1) Immigrant: 'n Persoon wat Israel binnekom om hom permanent te vestig volgens die Wet van Terugkeer. Immigrantekinders word Olimkinders genoem.

2) 'n Toeris wat sy status wysig tot die van immigrant: 'n persoon wat Israel binnekom as toeris en gedurende sy verblyf in die land aansoek doen om die status van immigrant en dit ontvang.

5.3.2.2 Die nasionale karakter van onderwys aan immigrantekinders

Dit is die onderwysbeleid van die Knesset[31] dat alle immigrante so gou moontlik Hebreeus en die Joodse kultuur moet aanleer om volwaardige Joodse burgers te word. Die nouste samewerking bestaan dan ook tussen die Departement van Onderwys, Verdediging, Immigrasie, die Joodse Agentskap en ander

31. State of Israel. Ministry of Immigrant Absorption, the Jewish Agency and the Department for Aliyah and Absorption. The educational system in Israel, a guide for Olim, pp. 1 - 5.

staatsdepartemente om die immigrante so gou moontlik te absorbeer[32].

5.3.2.3 Godsdiens

Die nasionale godsdiens, Judaïsme, wat op die Talmoed gebaseer is, en waarmee die meeste immigrante bekend is omdat dit hulle behoud in die Diaspora was, word in alle skole onderrig[33]. Alhoewel die Israelse bevolking gekenmerk word deur verskeidenheid, kulmineer hulle eenheid in die Israelse Staatsreg, wat bepaal dat 'n burger van Israel niks anders as 'n Jood kan wees nie. In opdrag van die Here God is hulle onderwysdoelstelling om heilig te lewe[34].

5.3.2.4 Taal

Daar is met die Renaissance van die Joodse beskawing in die 20ste eeu[35] besluit tot die keuse van die Ou Testamentiese Hebreeuse taal as amptelike taal en as simbool van nasionale eenheid. Hebreeus is dus die voertaal in openbare skole[36],

---

32. Onderhoud met Direkteur van Onderwys.
33. Bentwich, J.S. Education in Israel, pp. 1 - 50.
34. Loc. cit.;
    Lev. 11 : 45; 1 Pet. 1 : 16; 11 Kor. 7 : 1;
    Coetzee, J.C. Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde, pp. 23 - 37.
35. Bentwich, J.S. Loc. cit.
36. Hans, N. Op. cit., pp. 40 - 63.

alhoewel dit nie aan al die immigrante, wat 585 verskillende tale praat, bekend is nie[37]. 'n Primêre doelstelling van die onderwys is dus dat alle immigrante onmiddellik Hebreeus aanleer omdat dit suksesvolle inskakeling bevorder[38].

5.3.2.5 Skoolplig

Die onderwys is in Israël verpligtend van 5 tot 16 jaar of van die Kindertuin tot Graad 10[39].

5.3.2.6 Gratis onderwys

Die onderwysbeheer is in die Knesset se Minister van Onderwys en Kultuur gesentraliseer. Die administrasie is gedesentrali= seer in die streeksdepartement van onderwys en in die munisi= paliteite. Onderwys word gratis verskaf, maar waar moontlik moet die ouers die koste van boeke en skooldrag dra[40].

5.3.2.7 Tipes skole en kurrikula

Daar is twee tipes openbare Israelse skole, naamlik Mamlachti (staats-) en Mamlachti-Dati (staats-religieus)[41]. Elke ge= bied beskik oor albei tipes skole, en ouers het 'n vrye keuse tussen die twee tipes. Sommige kleuterskole word deur die

---

37. Kodesh, S. From a Babel of tongues to one language, pp. 1 - 2.
38. Vergelyk paragraaf 5.3.2.1.
39. State of Israel. Ministry of Immigrant Absorption, the Jewish Agency and the Department for Aliyah and Absorption. The educational system in Israel, a guide for Olim, p. 2.
40. Loc. cit.
41. Bentwich, J.S. Op. cit., pp. 1 - 20.

staat beheer, maar daar is ook private kleuterskole.

5.3.2.7.1 Die kurrikulum van die primêre skool (Grade 1 - 6)

Die kurrikulum[42] behels die Hebreeuse taal, Bybel (Tanach) en die Mondelinge Wet (Torah), Rekene en Wiskunde, Geskiedenis en Joodse Studies, Geografie (Moledet), Engels van Graad 5 af, Natuurstudie, Liggaamlike Opvoeding, Musiek en Kuns, Handwerk en Plaaswerk. Sosialisering is 'n besondere eienskap van Israel se onderwys, en wel langs die weg van Sihot, naamlik groepsbespreking- en take oor individuele regte en verantwoordelikhede, en dit word veral met betrekking tot aanpassing van Olimkinders aangewend. Skole organiseer met die oog hierop klubhuisprogramme in die middae na skool, en spesiale jeugvoorligters van die Jeugafdeling van die Ministerie van Onderwys neem hier die leiding. Ouers van Olimkinders word bearbei om hulle kinders hieraan te laat deelneem vanweë die groepsterapeutiese waarde daarvan.

5.3.2.7.2 Sekondêre skole (Grade 7 - 12)

Sekondêre skole wat vroeër van Graad 9 en van 14 jarige ouderdom af vier jaar geduur het, is onlangs sodanig gewysig dat dit ses grade, nl. Grade 7 - 12 insluit en voorsiening maak vir die ouderdomsgroep 12 tot 18 jaar[43]. Olimkinders kan kies tussen vyf tipes sekondêre skole, almal met verskillende kurrikula, nl. Akademiese, Beroeps , Landbou , Maritieme en Godsdiensskole. Die finale beslissing oor skoolkeuse berus egter by die skooladministrasie.

Die Akademiese Sekondêre Skool bied aan 'n leerling 'n keuse tussen die volgende hoof studierigtings : Humanistiese,

---

42. State of Israel. Ministry of Immigrant Absorption, the Jewish Agency and the Department for Aliyah and Absorption. Op. cit., pp. 5 - 10.
43. Loc. cit.;
Bentwich, J.S. Op. cit., pp. 16 - 80.

Wiskundig-Fisiese, Biologiese, Sosiale en Burgerlike. Elke rigting bepaal die hoofvakke. Al die rigtings sluit die studie van Hebreeus, Tanach (Bybel), 'n vreemde taal (Engels, Frans of Arabies) en Wiskunde in. Die sekondêre onderwys kulmineer in die Bagruteksamen (matriek). Dit is 'n reeks komprehensiewe eksamens waarin op 'n sespuntevlak geslaag moet word om toelating tot hoër onderwysinrigtings te verkry. Kandidate mag 'n interne eindeksamen aflê om 'n skooleindsertifikaat te verkry, wat egter nie toelating tot universiteite of ander hoër onderwysinrigtings verleen nie.

Beroepsekondêre Skole bied vier jaar onderrig aan, wat lei tot geskoolde beroepe, byvoorbeeld in Elektronika, Metallurgie en Meganika. Hierdie skole berei die leerlinge voor vir die Bagruteksamen, wat lei tot verdere opleiding aan kolleges en universiteite.

Landbouskole bied 'n vierjarige kosskoolkursus in Landbou aan en maak dit moontlik om die Bagruteksamen af te lê.

Die Maritieme Skool bied 'n vierjarige kursus aan met die oog op 'n beroep ter see.

Yeshivot is godsdienstige skole wat die studie van die Talmoed en Rabbynse studies beklemtoon, maar wat ook sekulêre vakke aanbied wat tot die Bagruteksamen lei.

5.3.2.7.3 Private skole

Daar bestaan private, onafhanklike, streng ortodokse skole onder die Agudath Israel[44]. Verder is daar ses Engelstalige

---

44. Bentwich, J.S. Loc. cit.

private skole[45] in Israel wat die sillabusse van die Staat New York volg, maar waar onderrig in die Hebreeuse taal en kultuur ook verpligtend is. Hierdie skole word deur tienderjarige Joodse skoliere van Amerikaanse en Engelse herkoms besoek met die oog op latere immigrasie.

5.3.2.8 Registrasie by aankoms van Olimkinders

Sodra nuwe immigrante arriveer, moet hulle 'n keuse tussen 'n staats- of 'n staats-religieuse skool maak, die naaste skool aan hulle verblyfplek vind en hulle kinders daar inskryf vir die normale skooljaar, wat na die Pesah vakansie begin[46]. Indien probleme ontstaan, moet die ouers hulle tot die persoon in beheer van onderwyssake in die plaaslike munisipaliteit wend, en indien hulle griewe het, moet hulle die distriksinspekteur van die Ministerie van Onderwys raadpleeg. Ouers moet by registrasie vasstel watter aanvullende lesse en hulp die Olimkinders ontvang, hulle moet 'n volledige verslag van hulle kinders se akademiese prestasie asook aanlegtoetse, wat by die vorige skole afgelê is, verskaf en dit aanvra indien dit nie beskikbaar is nie. Slegs in gevalle van vlugtelinge word uitsonderings op laasgenoemde reëlings geduld. Daar word getrag om die rondtrek van leerlinge van skool tot skool te beperk ten einde die suksesvolle aanpassing van immigrantekinders te bevorder[47].

Dit is gebruiklik dat skoolhoofde by registrasie 'n onderhoud van ongeveer 30 minute aan ouers en Olimkinders toestaan om vrees uit die weg te ruim, die nodige voorligting te verskaf

---

45. Loc. cit.
46. State of Israel. Ministry of Immigrant Absorption, the Jewish Agency and the Department for Aliyah and Absorption. Op. cit., pp. 1 - 10.
47. Onderhoud met Direkteur van Onderwys.

en ouers aan klasonderwysers voor te stel. Van laas=genoemdes word verwag om kontak met die ouers te behou. Elke immigrantekind word by 'n gesamentlike byeenkoms aan die skool voorgestel en ontvang dan 'n boek oor Israel as geskenk[48].

5.3.2.9 Klasindeling

Klasindeling vind plaas volgens immigrantekinders se ouderdomme en skooloorplasingsrekords[49]. Aliyat Hanoar en Jeug Aliyah verkry reeds twee tot drie maande voor die aankoms van 'n kind 'n volledige rapport van die kind met betrekking tot die gesin, persoonlikheid en probleme, asook 'n sielkundige verslag en 'n verslag oor die skolastiese prestasie, sodat die plasing van die kind in die raamwerk van Aliyat Hanoar beplan word nog voor die kind arriveer. Die owerhede is baie bewus daarvan dat aanpassing in 'n nuwe land met baie probleme gepaard gaan maar die vrees van baie Olimouers dat hulle kinders 'n jaar op skool vertraag sal word, is om die volgende redes ongegrond:

(1) Dit is die beleid in Israelse skole dat 'n leerling saam met sy eie ouderdomsgroep vorder. Daar is geen aanpassingsklasse nie, aangesien kinders volgens hulle vermoë in die regte skole geplaas moet word, waar aanvullende hulp verskaf word indien nodig.

Israel heg weinig waarde aan druiping, aangesien mislukking tot frustrasie en onvermoë lei, terwyl leermoeilikhede tot gedragsafwyking aanleiding gee, wat reeds in die eerste klas (Graad 1) openbaar word en met toenemende eise van die skoolprogram en skoolprobleme kumulatief tot 'n konflik=situasie en frustrasie lei. Baie aandag word daarom aan

---

48. Onderhoud met skoolhoof, mnr. Ben-Jehuda.
49. Onderhoud met Direkteur van Onderwys.

korrektiewe onderwys bestee om skoolsukses, wat nou saamhang met selfvertroue, te bewerkstellig. Vandaar dan ook die uitgebreide naskoolse aanvullings- en korrektiewe hulp aan leerlinge. Kinders met 'n I.K. van onder 85 word in spesiale skole geplaas.

(2) Die ondervinding het geleer dat, indien 'n kind skolasties ryp is vir 'n sekere werksvlak, tekortkominge in spesifieke vaardighede gou te bowe gekom word.

(3) Al bied die nuwe kultuur sekere uitdagings, bied dit ook die geleentheid vir wyer kennis en groter begrip.

(4) Die kinders word in groepe van 50 en meer in ontvangsentra gekonsentreer om die Hebreeuse taal volgens moderne linguistiese metodes aan te leer. Die gesproke taal word beklemtoon om kommunikasie so gou moontlik (binne twee tot drie weke) te bewerkstellig. Uit die taalsentrum word hulle in klein getalle, nie meer as 12 per skool nie en in klein getalle per klas, versprei om maksimale kontak met Israelse kinders en die Israelse kultuur te bewerkstellig. Dit is vanselfsprekend dat individue se vermoë om die nuwe taal aan te leer, sal verskil, en die verskil word in ag geneem.

(5) Met intelligensiemeting[50] is bevind dat, waar minderwaardigheid van immigrante in I.K.-toetse aangetoon is, die hoofoorsaak daarvan nie in die struktuur of inhoud van die toetse lê nie maar in die betekenisvolle minderwaardige opvoeding van die groep immigrantekinders.

5.3.2.10 Wat vir die Olimkinders gedoen word - metodes, bevordering en vergunnings

Dit is die beleid van die onderwysdepartement dat die Olimkinders so gou moontlik Hebreeus moet leer, en vir dié doel

---

50. Handel, A. The suitability of certain non-verbal tests for testing immigrants in Israel. Journal of educational research, Vol. 51, Sept. 1957, pp. 55 - 58.

bestaan die volgende reëlings[51]:

(1) Ekstra onderrigtyd word in primêre sowel as sekondêre skole aan Hebreeus bestee om die Olimkinders te help om by die normale prosedure in die skool en omgewing aan te pas. Elke Olimkind is geregtig op drie uur onderrig in Hebreeus per dag.

(2) Kinders word effektief aan die Israelse kultuur bloot= gestel deur die aantal Olimkinders tot 12 per skool te beperk.

(3) Intensiewe onderrig in die grondbeginsels van Hebreeus word gedurende die skooldag in oriënteringsklasse gegee aan baie klein homogene groepe immigrantekinders vol= gens hulle taalkennis en ouderdom. Leerlinge word vir dié doel uit klasse getrek waar goeie taalkennis nood= saaklik vir vordering is, soos in Hebreeus, Tanach (Bybel), Geskiedenis en Geografie. Om die groepsgevoel te behou en hulle nie van ander leerlinge in die klas te isoleer nie, woon die Olimkinders gewoonlik Kuns-, Sang- en prak= tiese klasse by. Gewoonlik is die daaglikse taallesse van drie uur slegs vir drie tot ses maande nodig.

(4) Vakonderwysers en klasonderwysers moet ná skool ekstra onderrig aan die immigrantekinders gee om hulle te help om die vakterminologie te bemeester.

(5) In baie skole word huiswerk ook onder toesig van onder= wysers gedoen, sodat die kinders die nodige hulp kan kry. Vir Olimkinders word ook aanvanklik makliker werk gegee, wat in die eerste jaar verskil van dié van die res van die klas. Indien nodig en moontlik kan onderwysers selfs

---

51. Onderhoude met die Direkteurs van Onderwys en skoolhoofde.

in die kind se moedertaal ná skool vakprobleme help oplos. Daar word geensins aanbeveel dat tyd van die normale periode aan individuele hulp aan immigrante= kinders bestee word nie. Hierdie tyd moet voltyds aan die normale vordering van die werk en klas bestee word om ander leerlinge nie te benadeel nie.

(6) Die taal en vermoë om te lees moet nie net by die kind ontwikkel word om hom in staat te stel om te leer en te kommunikeer nie, maar ook om hom in staat te stel om vir die genot te lees en die skoolbiblioteek ten volle te benut.

(7) Met toenemende immigrasie is die nuwe beleid dat immigrantekinders 720 uur onderrig per jaar in Hebreeus moet ontvang, wat in vier periodes van 180 uur ingedeel is. Die beleid bepaal verder dat 'n sentrale taalskool of Ulpan in elke distrik ingestel word, waar immigrante= kinders in groot getalle voorkom, sodat lokale skole nie met 'n vreemde element oorstroom word nie en om te voorkom dat plaaslike skole hulle identiteit verloor en die kinders benadeel word. Die Olimkinders word dan vir ses weke van Sondae tot Donderdae vyf dae van elke week ses uur lank daagliks onderrig in Hebreeus deur medium van Hebreeus en in Israelse kultuur. Op Vrydae woon hulle die gewone skole by om deel te neem aan 'n uurlange sosiale groepsklas en 'n uurlange lesing oor Israel. Sodoende word getrag om hulle geleidelik by die groep en die hele skool in te skakel en te voorkom dat hulle kontak verloor met gewone onderwysomstandighede. Die Israelse leerlinge van die skool word voorberei om die Olimkinders op Vrydae in die skool te ontvang. Die Jode streef daarna om die periode van aanpassing, van die Olimkinders se aankoms af totdat hulle een is met die Israelse groep, so kort as moontlik te maak, want

hulle beskou dit as nadelig vir 'n immigrantekind om aan die periferie van 'n toonaangewende groep te verkeer.

Na ses weke woon die immigrantekinders die gewone klasse in hulle skole by en ontvang dan van vier tot tien uur ekstra klasse per week om verder met die vakterminologie en met Hebreeus vertroud te raak. Vir die res van die jaar ontvang hulle verder nog twee programme van 180 uur ekstra onderrig in Hebreeus. Die vierde van die programme van 180 uur bestaan uit vier weke verpligte, intensiewe onderrig in Hebreeus gedurende die somervakansie.

(8) Die feit dat immigranteouers die Ulpan voltyds bywoon vir 'n periode van ses weke of deeltyds vir drie maande, help geweldig met die suksesvolle aanpassing van ouers sowel as kinders. Die bemeestering van die taal word so beklemtoon omdat bewys is dat daar 'n hoë korrelasie tussen sosiale absorpsie en linguistiese integrasie is.

(9) Olimkinders hoef nie 'n toelatingseksamen vir die hoërskool te skryf nie. Aanpassing is vir adolessente veel moeiliker as vir jong kinders, gevolglik word toegewings aan Olimkinders in die sekondêre skool gemaak. Immigrante wat vier jaar voor hulle Bagrut-(matriek)-eksamen na Israel geïmmigreer het, is geregtig om :

(a) met die toestemming van die onderwysdepartement in een of twee vreemde tale, wat nie by hulle skool onderrig word nie, geëksamineer te word;

(b) met die toestemming van die skoolinspekteur bogenoemde eksamen mondeling af te lê, ook in die vakke wat gewoonlik skriftelik geëksamineer word;

(c) met die toestemming van die onderwysdepartement die eksamen in een of twee vakke 'n jaar later af te lê;

(d) goedgekeurde toegewings in die evaluering van hulle antwoorde in die Hebreeuse vraestelle te geniet;

(e) 'n matrieksertifikaat met 'n slaagsyfer van 5 te verwerf, waar 6 die normale vereiste is;

(f) met die goedkeuring van die inspekteur hulle tesis in die taal te skryf wat as medium van onderrig gegeld het in hulle land van herkoms; en

(g) op aanbeveling van die betrokke skoolhoof vry= gestel te word van 'n vak(ke) waarin hulle reeds geslaag het voordat hulle na Israel verhuis het.

Bogemelde toegewings is egter afhanklik van die Olim= kind se voortgesette ywer, want die hoof van 'n sekondêre skool kan by die Minister aanbeveel om toegewings aan 'n leerling te kanselleer indien hy in gebreke bly om hom aan sy werk te wy.

(10) Olimleerlinge wat in Israel begin studeer gedurende grade 10, 11 en 12, mag hulle eksamens in Hebreeus en in Tanach (Bybel) mondeling of skriftelik aflê, en die eksamens in die algemene vakke deur medium van die taal waarin hulle voorheen onderrig is.

(11) In die laer grade word vir ten minste die eerste jaar spesiale vraestelle vir Olimkinders in al die vakke opgestel terwyl die tydperk selfs na twee jaar uitgebrei kan word.

(12) In Tanach vereis die gewone sillabus vir sekondêre skole grondige kennis van 200 hoofstukke, dog die immigrantekind hoef slegs ses hoofstukke te ken.

(13) Verpligte militêre diens geld ook vir Olimkinders en speel 'n belangrike rol in die sosiale en kulturele integrasie van nuwelinge.

5.3.2.11 Jeug Aliyah- en immigrantekinders

Indien 'n leerling nie binne twee jaar in 'n akademiese skool volgens genoemde reëlings en besondere toegewings na wens vorder nie, word hy verwys na 'n beroepskool, en leerlinge wat ook hier nie vorder nie, word in 'n Jeug Aliyahskool opgeneem[52]. Jeug Aliyah en Aliyat Hanoar sorg vir die kinders in 252 kinderdorpies[53] waar, van 1934 tot 1968 aan 130 000 kinders van 80 lande onderrig gegee is. Hierdie kinders van 4 tot 17 jaar, wat nie aan die normale eise van die gewone sekondêre skole kan voldoen nie, sluit die volgende in[54]:

(1) kinders sonder ouers in Israel, dit is van 14% tot 18% van die totale Jeug Aliyah-bevolking;

(2) kinders van nuwe immigrante wat ten opsigte van ekonomiese, sosiale en huislike probleme moeilik aanpas;

(3) Israelse kinders wie se gesinsomstandighede gelei het tot kulturele verstokenheid[55], wat op sy beurt verhoed het dat hulle suksesvol integreer by die sekondêre dagskole van die omgewing; en

(4) kinders met gedragsafwykings, wat in die sorg van pleegouers in terapeutiese groepe opgeneem word.

Die omvang van die behoefte aan hierdie tipe skool blyk daaruit dat daar in Israel elke jaar uit die ongeveer 50 000 kinders wat die primêre skool voltooi, 6% of 3 000 in Grade 6, 7 en 8 uitsak. Verder is daar 10 000 kinders wat nóg die primêre skool voltooi nóg gaan werk. Hierdie getal word

---

52. Wollins, M. & Gottesman, M. Group care, an Israeli approach, pp. 1 - 50.

53. Pincus, C. Come from the four winds. The Story of Youth Aliyah, pp. 1 - 10.

54. Feuerstein, R. The redevelopment of the socio-culturally disadvantaged adolescent in group care, pp. 1 - 140.

55. Sohlberg, S.C. Intelligentie en schoolaanpassing bij oriëntaalse immigrantekinderen in Israel, p. 45.

aangevul deur 15 000 adolessente wat met hulle studies in 'n doodloopstraat beland het. Daar is dus jaarliks nagenoeg 25 000 kinders van 14 tot 17 jaar wat nie daarin slaag om by die gangbare sosiale patroon in te pas nie[56]. Hierdie kinders is die voedingsbron van Jeug Aliyah[57].

Jeug Aliyah-inrigtings is meestal kosskole van sekulêre of religieuse aard. Jeug Aliyah maak van die volgende gebruik om habilitasie en absorpsie te bevorder[58]:

(1) jeuggroepe, in kibbutzim of gemeenskapsplase, wat die om= gewingsdagskool bywoon[59];

(2) kosskole met sekondêre onderwys, hetsy akademies of beroepsgerig, met Ulpanim (taalklasse) vir die onderwys van Hebreeus en die Joodse kultuur[60];

(3) spesiale habilitasie-inrigtings vir kinders wie se kul= turele verstokenheid weerspieël word in hulle lae skolas= tiese prestasie en vir diegene met gedragsafwykings, wat onder toesig van pleegouers geplaas en versprei word in die samelewing[61];

(4) jeugdagsentrums[62] vir kinders van skoolgaande ouderdom, wat by hulle ouers inwoon en wat nie suksesvol by die normale onderwysprogram kan aanpas nie. Hierdie kinders

---

56. Feuerstein, R. Op. cit., pp. 1 - 120.
57. Klarman, J. L. Programme for the absorption of 4 600 children of disadvantaged background, p. 2.
58. Arieli, M. The advantages of the residential setting, p. 1.
59. Gottesman, M. Youth Aliyah and the kibbutzim, p. 1.
60. Adler, H. Absorption of immigrants. The journal of educational sociology, 36 : 8, April 1963, pp. 386 - 387.
61. Feuerstein, R. & Krasilowsky, D. The treatment group technique, p. 1.
62. Dekel, Y. The challenge of the youth day centres, p. 1.

ontvang veral beroepsonderwys; en

(5) Ulpanim- en beroepskole ter voorbereiding van hulle verpligte militêre diens vir adolessente van 16 jaar, wie se onderwys in hulle lande van herkoms sodanig van dié in Israelse skole verskil dat hulle nie suk= sesvol in Israelse skole kan aanpas nie.

Jeug Aliyah se onderwys- en habilitasieprogram behels die volgende[63]:

(1) absorpsiediens, wat die kinders gedurende die somer= vakansie voor die aanvang van die akademiese jaar klassi= fiseer na 'n volledige studie van persoonlike gegewens, neigings, mediese en sielkundige toetse, en hulle dan uitplaas in oorleg met die verskillende inrigtings;

(2) pedagogiese toesig deur inspekteurs ten opsigte van metodes van absorpsieverryking, voorligting, sosiale opvoeding in die groepsraamwerk en individuele nasorg= studies;

(3) psigologiese dienste in sielkundige klinieke vir indi= viduele kinders wat nie volgens hulle vermoë presteer nie, tekens toon van kulturele verstokenheid en van verskillende psigologiese afwykings. Hierdie kinders ontvang in oorleg met die personeel van die inrigtings die nodige terapeutiese behandeling en kompensasie- of verrykingsonderrig;

(4) sosiale dienste, wat veral aan kinders wat gehabiliteer moet word, beskikbaar gestel word;

(5) mediese dienste;

---

63. Onderhoude met hoofde van skole, Jeug Aliyah-verteenwoor= digers en met die hoof van die Dr. Israel Goldsteinsentrum, Jerusalem.

(6) voorsiening van die nodige klerasie, huisvesting en meubels;

(7) voorsiening van geldelike en ander hulp aan universiteitstudente; en

(8) die reël van somervakansiekampe.

Daar is gevalle in Israel waar dit vir die kinders voordeliger is om van die ouers weggeneem te word en in Jeug Aliyah-inrigtings geplaas te word, waar daar gekonsentreer word op die verryking van hulle woordeskat, sosiale inpassing en beroepsvoorbereiding[64].

Uitgebreide navorsing na spesiale onderwys vir die sosiokultureel minderbevoorregte kinders, wat vanoor die hele wêreld na Israel immigreer, word onderneem, o.a. deur die Hadassah-Wizo-Kanada-Navorsingsinstituut in die Dietchersentrum in Jerusalem, die Ruth Bresslersentrum, Ramat Hadassah-Szold en die Opvoedkundefakulteit van die Tel Aviv-universiteit.

5.3.2.12 Ouers

Daar word van ouers verwag om die band tussen skool en huis te bevorder. Ouers moet toesien dat hulle kinders aan die middagklubs en somervakansieprogramme ter bevordering van integrasie deelneem.

Ouers moet ook steeds voor oë hou dat hulle deur immigrasie vennote geword het van die onderneming om Israel te bou. Israel verleen wel burgerskap aan elke Joodse immigrant dog elke voorreg gaan gepaard met 'n plig, en die ouers moet self Hebreeus aanleer en ook die ouerraad ondersteun in sy pogings om probleme in die skool op te los[65]. Deur die aanleer van

---

64. Loc. cit.

65. Loc cit.

Hebreeus word die ekonomiese, sosiale en kulturele integrasie van die ouers bevorder[66].

5.3.2.13 Personeelvoorsiening

Waar die nuwe beleid ten opsigte van immigranteskoolsentra in sommige nedersettings nog nie in werking is nie, en waar immigrantekinders wel in skole is, geld die volgende reëling met betrekking tot personeelvoorsiening[67]: behalwe die normale personeel word spesiale onderwysers aangestel om die spesiale oriënteringsklasse in Hebreeus waar te neem. In die primêre skole is dit gewoonlik personeel met opleiding vir primêre klasse wat vir dié doel voltyds aangestel word. Waar daar 'n tekort aan onderwysers is, word deeltydse personeel aangestel om slegs drie uur per dag Hebreeus te onderrig. Indien Hebreeus of aanvullende onderrig in ander vakke na normale skoolure gegee word, word dit deur die permanente personeel teen ekstra vergoeding onderneem.

Waar immigrantekinders in sekondêre skole voorkom, word ekstra personeel met taalopleiding, of minstens met taalopleiding vir die primêre skool, aangestel. Ook hier kan spesiale taalonderwysers vir spesiale taalonderrig vir drie uur per dag aangestel word. Die gewone personeel is nie veronderstel om tyd in klasperiodes vir spesiale aandag aan immigranteleerlinge ten koste van die outochtone leerlinge te bestee nie; daarom word voorsiening daarvoor gemaak dat vakonderwysers ná skool en teen ekstra vergoeding spesiale onderrig aan immigrantekinders gee totdat hulle die vakterminologie bemeester en hulle agterstand ingehaal het.

Die nuwe beleid maak voorsiening vir volledige personeel vir elke taalsentrum. Hierdie personeel is gewoonlik onderwysers

---

66. Borrie, W.D. The cultural integration of immigrants, p. 125.
67. Onderhoude met Direkteurs van Onderwys in Israel.

met uitgebreide kennis van taalonderrig en met gevorderde opleiding in Hebreeus of in primêre skoolonderwys, met spesialisasie in taalonderwys. Ook hier kan ekstra personeel indien nodig op deeltydse basis aangestel word.

Voorsiening word vir die in-diens-opleiding van onderwysers gemaak deur middel van spesiale kursusse en deur voorligting by hulle skole oor immigrasie en die pedagogiek van immigrantekinders. Die owerhede besef egter terdeë dat effektiewe onderwys van Olimkinders nie net bepaal word deur ekstra kursusse nie maar ook en veral deur die aard en persoonlikheid van die pedagoog self. Daarom word die aanstelling van die spesiale onderwysers met die grootste omsigtigheid gedoen.

Talle vroue wat taalonderrig gedurende hulle verpligte militêre diens gegee het, word met groot sukses daarna as taalonderwyseresse opgelei en vir hierdie spesiale taalonderwys aangestel. Daar word ook dikwels getrag om hulle dienste deeltyds te behou nadat hulle getroud is.

'n Nuwe administratiewe reëling vir die aanstelling van bykomende personeel het in 1972 in werking getree as gevolg van die ongeveer 9 000 Russiese immigrantekinders en 'n verdere 7 000 immigrantekinders uit die res van die wêreld[68]. 'n Pedagogiese adviseur is vir elke onderwysdistrik aangestel om eksklusief met immigrantekinderaangeleenthede te werk, asook 'n inligtingsbeampte vir immigranteouers en -kinders. Hierdie maatreëls is reeds vroegtydig deur die Ministers van Onderwys en Absorpsie beplan, en hierin lê 'n belangrike les vir alle immigrasielande - ook vir die Republiek van Suid-Afrika.

5.3.3 Immigrasie en die onderwysbeleid in die Bondsrepubliek Duitsland

Immigrasie in die Bondsrepubliek Duitsland het dit nodig gemaak om 'n onderwysbeleid te formuleer waarin riglyne neergelê word ten opsigte van skoliere en skoolbeheer, skoolplig,

---

68. Bellos, Susan. Gov't plans to absorb 9 000 Soviet children in schools next year. Jerusalem Post, 24 Jan. 1972, P. 9.

tipes skole, nasionale onderwys en moedertaalonderrig, regis= trasie en oriëntering by aankoms, klasindeling, moderne metodes van taalonderrig, ouers en personeel.

5.3.3.1 Immigrasie in die Bondsrepubliek Duitsland

Die politieke toestand in Midde- en Oos-Europa het sedert 1945 'n groot oos-wesimmigrasie gemotiveer. Dit is deur die oprigting van die Muur vertraag, maar as TRKEV-land[69] ontvang Wes-Duits= land nog vlugtelinge wat hulle permanent wil vestig uit Oos-Duitsland, Tsjeggo-Slowakye, Hongarye en Pole. Wêreldoorlog II het ook 'n wes-oosimmigrasie van besettingstroepe en arbeiders in diens van die besettingsmagte na die Bondsrepubliek teweeg= gebring.

Die vinnige na-oorlogse wetenskaplike en tegnologiese ontwik= keling in Wes-Duitsland was die vrug van internasionale same= werking en het groot ekonomiese en sosiale verandering teweeg= gebring[70]. Dié Duitse nywerheidsbloei het 'n mannekragtekort en besonder gunstige werksgeleenthede vir groot aantalle werkers, ook uit die vreemde, gestimuleer. Vanweë die hoë aansien van Made in Germany en die daarmee gepaard gaande nywerheidsgroei, moes Wes-Duitsland toenemend vreemde arbeid invoer. Max Frisch, 'n Switserse outoriteit op immigrasie, maak tereg die volgende opmerking:

"Man hat Arbeitskräfte gerufen und es sind Menschen gekommen"[71].

Die Gastarbeiter kom hoofsaaklik uit agrariese gebiede, hulle voel vreemd en onseker in die siellose stadsomgewing, en die

---

69. Vergelyk paragraaf 2.5.2.

70. Koch, Herbert, R. Op. cit., p. 7.

71. Anon. Interview: Ausländer - Stiefkinder unserer Schulen? Schul= report, Tatsachen und Meinungen zur aktuellen Bildingspolitik in Bayern, Heft 3, 1971, p. 21.

ontwrigting van gesinsbande is vir hulle 'n probleem. Hulle doel is gevolglik om so gou moontlik soveel geld as moontlik te verdien om huis toe te stuur en later self terug te keer. In baie gevalle verander hulle egter van mening en laat hulle hulle gesinne kom om hulle permanent te vestig. Hierdie feno= meen is permanent aanwesig: 50% bly gemiddeld agt jaar, 25% permanent en die res korter[72]. Die omvang van dié immigrasie blyk daaruit dat daar in 1954 slegs 72 906 Gastarbeiter was teenoor 1 669 800 in 1970[73]. Die immigrante konsentreer veral in Hesse en Dortmund by die yster-en-staalnywerhede. Die heterogeniteit van die immigrante en Gastarbeiter se skoolgaande kinders blyk uit tabel 45.

Tabel 45

Heterogeniteit van Gastarbeiter en skoolgaande immigrantekinders in die Bondsrepubliek Duitsland[1])

Nasionaliteit	Immigrante	Persen= tasie	Skoolgaande immigrante= kinders
Italianers	287 440	28,30	119 000
Grieke	136 191	13,40	43 000
Spanjaarde	111 982	11,10	45 000
Turke	139 336	13,70	38 000
Portugese	18 743	1,90	5 000
Joego-Slawe	99 660	9,80	14 000
Orige	221 422	21,80	361 000
Totaal	1 014 774	100,00	625 000

1) Koch, Herbert R. Gastarbeiterkinder in deutschen Schulen, pp. 14 en 36;
Statistiek van die mees onlangse skoolopname.

72. Koch, Herbert R. Op. cit., pp. 12 - 27.

73. Statistisches Bundesamt. Statistisches Jahrbuch für die Bundesrepublik Deutschland 1970, p. 612.

Na beraming sal daar 2,5-miljoen ausländische Arbeitnehmer in 1980 nodig wees, en Koch rig dan ook die waarskuwing: "Darauf haben wir uns einzurichten auch in unserer Schulen"[74].

5.3.3.2 Onderwysbeleid vir immigrantekinders in die Bondsrepubliek

Aanvanklik is die onderwys van Gastarbeiterkinder in die verskillende Länder van die Bondsrepubliek self deur die Länder se staatsministers vir onderwys en kultuur volgens aanbevelings van die vaste konferensie van kultuurministers gereël. Kragtens 'n besluit van die KMK (Kultusministerkonferenz) van 14 en 15 Mei 1964 moes 'n KMK-studiegroep ondersoek instel na die toepassing van die maatreëls in die praktyk en aanbevelings ter verbetering doen[75]. Die KMK van 3 Desember 1971 het op grond van die aanbevelings die vorige beleid ingrypend gewysig: waar dit vroeër gegaan het om aanpassing vir tydelike verblyf, is die klem verskuif na aanpassing vir permanente vestiging, voorbereiding vir burgerskap, integrasie en die vorming van die nuttige Europese mens[76].

5.3.3.3 Onderwysbeheer en skoliere

Skole word deur die regerings van die onderskeie Länder beheer, en elke Land het sy eie bepalings aangaande taalonderrig[77]. Die wette en bepalings van die sentrale regering van die Bondsrepubliek ten opsigte van algemene onderwyssake, skoolplig, finansiering, leermiddele, voorligting en standaarde geld vir die outochtone sowel as vir uitlandse skoliere[78].

---

74. Koch, Herbert R. Op. cit., p. 23.
75. Beschluss der Kultusministerkonferenz vom 3 Dezember 1971. Unterricht für Kinder ausländischer Arbeitnehmer, pp. 1 - 3
76. Vergelyk paragraaf 5.3.3.6.
77. Vergelyk paragraaf 5.3.3.7.
78. Beschluss der Kultusministerkonferenz vom 3 Dezember 1971. Loc. cit.

5.3.3.4 Skoolplig

Die algemene skoolplig van 6 to 18 jaar geld ook vir die ausländischer Kinder en geen voorsiening word gemaak vir eie nasionale skole vir immigrante nie -

"Da die Schulplicht in deutschen Schulen erfüllt werden muss, ist eine Rechtsgrundlage für die Errichtung nationaler Schulen als Ersatzschulen im Bereich der Grund- und Hauptschule nicht gegeben" 79).

5.3.3.5 Tipes skole

Behalwe die skole vervat in tabel 46 word daar ook voorsiening daarvoor gemaak dat immigrantekinders spesiale skole indien nodig kan bywoon.

Tabel 46

Onderwysverskaffing in die Bondsrepubliek Duitsland*



*Mallinson, V. Comparative education, p.236.

79. Loc. cit.

5.3.3.6 Nasionale onderwys

Vreemdelinge ontwikkel weg van hulle vaderland 'n sterk nasionale bewussyn en stig onder andere immigrantevolkskole om die nasionale gevoel aan hulle kinders oor te dra[80]. Hulle wil sodoende voorkom dat hulle kinders weens die aanpassing met 'n skooljaar vertraag word. In die Bondsrepubliek is immigrante geregtig om private volkskole te stig, maar dan moet hulle dit self in stand hou en leerlinge is onderworpe aan die algemene skoolplig. Polities word subsidiëring van die volkskole deur die regerings van die lande van herkoms ongewens beskou aangesien dit tot inspraak in die Duitse onderwysbeleid aanleiding kan gee[81].

Die pas aangekome Gastarbeiter streef gewoonlik na nasionale skole, maar hulle ervaar spoedig dat die Duitse skole kwalitatief en kwantitatief net so goed indien nie beter nie, as dié in hulle vaderland is en selfs beter moontlikhede van beroepsopleiding bied[82]. Die immigrante ervaar ook dat hulle en hulle kinders gouer integreer as hulle kinders Duitse skole besoek. Vir die Duitsers is Gastarbeiterschulen beslis ongewens omrede "an den deutschen Auslandsschulen alten Stilz und ihrem Gettocharakter lernten wir welche abträglichen Folgen die Abkapselung bringt"[83].

Wanpraktyke in die skole, veral ten opsigte van moedertaalonderrig, soos byvoorbeeld drie uur onderrig daagliks na skool, moedertaalonderrig gedurende skooltyd ten koste van ander vakke en swak onderrig deur onopgeleide persone, het daartoe bygedra dat moedertaalonderrig aan immigranteleerlinge nou daagliks in die Duitse skole as teenvoeter gegee word. Sodoende word gepoog om integrasie te bevorder sonder om die draer van die immigrante se kultuur prys te gee[84].

---

80. Jungman, O. Zum Problem: Fremdsprachiger Kinder und Jugendlicher in unseren Schulen, pp. 11 en 12.
81. Koch, Herbert R. Op. cit., p. 177.
82. Ibid., p. 133.
83. Ibid., p. 177.
84. Beschluss der Kultusministerkonferenz vom 3 Dezember 1971. Op. cit., p. 6.

5.3.3.7 Moedertaalonderrig

Moedertaalonderrig sluit behalwe taal ook Geskiedenis, Musiek, Heimatkunde, Geografie en - vir die Grieke en Turke - ook Godsdiens in[85]. Dit word in die reël deur 'n onderwyser van die land van herkoms, wat soms selfs van skool tot skool reis, gegee. Elke Land van die Bondsrepubliek besluit self in hoe= verre moedertaalonderrig binne of buite die verantwoordelik= heidsfeer van die onderwysadministrasie val[86]. Skole word egter van owerheidsweë versoek om lokale vir dié doel beskik= baar te stel. Moedertaalonderrig word in die reël tot hoog= stens vyf uur per week beperk en waar moontlik tot een oggend= sessie elke dag van die week. Waar dit onvermydelik met die normale rooster bots, word dit ná skool gegee of in plaas van Engels gedurende skoolure. Daar word ook met konsulêre verteen= woordigers pedagogiese oorleg in verband met moedertaalonderrig gepleeg[87].

5.3.3.8 Registrasie en oriëntering

Om die belangstelling en medewerking van ouers te verkry, vind deeglike oriëntering plaas ten opsigte van skoolplig, die be= tekenis van gereelde skoolbesoek, die Duitse skoolwese en die beroepswaarde daarvan[88]. Voortdurende nasorg in dié verband word as noodsaaklik beskou, en vir dié doel stel die KMK inligtingsbrosjures in die tale van die immigrante, reeds voor hulle immigrasie, aan ouers beskikbaar. Wanneer die kind by 'n skool ingeskryf word, moet die hoof die ouers in 'n per= soonlike onderhoud verder oriënteer en moontlike probleme en vaaghede opklaar. Van onderwysers word verwag dat hulle sal trag om kontak met die ouers te maak en te behou.

---

85. Loc. cit.
86. Loc. cit.
87. Bayerisches Staatsministerium für Unterricht und Kultus. Unterricht für Kinder ausländisher Arbeitnehmer, p. 8.
88. Information des Hessischen Kultusministers. Es geht um die Zukunft - Ihrer Kinder. Informationen für ausländische Arbeitnehmer und ihre Kinder über Schule und Lernen in Hessen, pp. 1 - 25.

5.3.3.9 Klasindeling

Die tempo waarteen immigrantekinders Duits aanleer en in die skole en kindergemeenskap integreer, word onder andere bepaal deur die klasindelingsorganisasie. Immigrantekinders kry die geleentheid om die Duitse taal aan te leer en by die kultuur aan te pas deur die organisatoriese maatreëls van direkte opname in normale klasse met Förderunterricht of met voorbereidingsklasse (Vorbereitungsklassen) of met opvangklasse (Auffangklassen).

5.3.3.9.1 Direkte opname

Uitlandse kinders wat die onderrig in Duitse skole sonder enige belangrike taalmoeilikhede kan volg, moet onmiddellik in hulle ooreenstemmende ouderdomsgroepe of volgens hulle skolastiese niveau opgeneem word, maar

"Der Anteil der ausländischer Kinder in einer Klasse soll ein Fünftel nicht übersteigen"[89].

Koch wys daarop dat die konsentrasie van vreemde skoliere in 'n skool of klas eerder die aanleer van Duits sal vertraag, omrede:

"Die Erfahrung zeigt,dass eine Gruppe, je grösser sie ist, desto eher dazu neigt, sich gegen die Umwelt abzuschliessen und sich der Muttersprache zu bedienen. Der Einzelne wird in einer fremden Umwelt stärker zum Erwerb der Sprache seiner Umgebung motiviert"[90].

Uitlandse kinders wat in hulle vaderland nog nie skoolpligtig was nie en in die Bondsrepubliek skoolpligtig word, moet in die reël in Klas 1 saam met die Duitse leerlinge aanvangsonderwys kry. Dit geld ook vir skoliere wat in die loop van die

---

89. Beschluss der Kultusministerkonferenz vom 3 Dezember 1971. Op. cit., p. 2.
90. Koch, Herbert R. Op. cit., 71; Vergelyk paragraaf 4.3.8.1.

skooljaar in Klas 1 opgeneem word[91]. Al hierdie kinders wat nie die Duitse taal toereikend beheers nie, ontvang Förderunterricht.

5.3.3.9.2 Förderunterricht of Hulpklasse

Uitlanderkinders wat direk in die Duitse klasse onderrig word, ook na die voorbereidingsklas, kry toepaslike onderrig van vier tot tien uur per week in die Duitse taal, indien hulle die Duitse taal nog nie in toereikende mate beheers nie[92]. In sekondêre skole word die betrokke leerlinge dan van Engels as tweede taal vrygestel[93]. Hulle moet ook soos Duitse kinders in ag geneem word by die tref van aanvullende reëlings ter verbetering van skolastiese prestasie.

Beroepskoolpligtige uitlandse jeugdiges wat vanweë 'n gebrek aan toereikende beheersing van die Duitse taal, nie die onderwys in die beroepskole kan volg nie, moet deur intensiewe kursusse in die Duitse taal daarop voorberei word, en deelname aan hierdie onderrig geld as vervulling van die beroepskoolplig.

5.3.3.9.3 Vorbereitungsklassen of Voorbereidingsklasse

Die primêre doel van die voorbereidingsklasse, wat van ses tot tien uur per week duur, is die aanleer van Duits. Daarby moet die klasse dien om die inpassing in die Duitse volkskool te vergemaklik en om die frustrerende skeiding tussen Duitsers en immigrante te verhinder. Gelyktydig vrywaar dit die Duitse klasse teen kinders wat die taal nie voldoende magtig is nie en die onderwysbedrywighede belas[94].

---

91. Beschluss der Kultusministerkonferenz vom 3 Dezember 1971. Op. cit., p. 6
92. Loc. cit.
93. Loc. cit.;
Der Hessische Kultusminister . Unterricht für die Kinder ausländischer Arbeitnehmer, pp. 1 - 6.
94. Loc. cit.

Immigrantekinders wat in Standerds 2 tot 9 ingedeel word, maar wat weens taalmoeilikhede en skolastiese agtergrond nie die onderrig in 'n Duitse klas kan volg nie, moet in 'n voorbereidingsklas as deel van die Duitse skool opgeneem word en "Eine Rückstellung oder Ablehnung der Aufnahme lediglich wegen mangelender Sprachkenntnisse ist unzulässig[95]."

'n Voorbereidingsklas kan vir minstens 15 kinders van dieselfde nasionaliteit ingestel word. Hierdeur word Duitse moedertaalonderrig bevorder, en sodanige voorbereidingsklasse staan ook bekend as Übergangsklassen. Waar die immigrantepopulasie egter heterogeen is, kan kinders van verskillende nasionaliteite sodanige klas vorm. Wanneer daar egter 24 kinders betrokke is, moet die klas verdeel word. Indien daar meer as een voorbereidingsklas in 'n skool bestaan, moet die kinders volgens ouderdom of kennis van die Duitse taal saamgegroepeer word. Jungman beveel selfs aan dat skoolgrense nie sinvolle voorbereidingsklasse in die wiele moet ry nie[96]. Onderrig word in die klasse aangepas by die algemeen geldende kurrikula van die primêre en sekondêre skool. Die voorbereidingsklasleerlinge moet in die vakke Musiek, Kuns, Naaldwerk, Huishoudkunde, Handwerk, Tegniese vakke en sport saam met Duitse leerlinge onderrig word om die aanleer van taal daardeur te vergemaklik en integrasie in die skool te versnel. Duits moet deur Duitse onderwysers onderrig word. Na voldoende vordering in die Duitse taal moet die kinders uit die voorbereidingsklas geneem en volgens hulle skolastiese niveau of ouderdom in gewone klasse geplaas word. In die reël is die verblyf in die voorbereidingsklas een jaar. Dit is verkieslik omdat leerlinge dan aan die begin van die skooljaar tot die gewone klasse toegelaat word. Oorgang kan egter ook aan die einde van 'n skoolhalfjaar volg.

---

95. Jungman, O. Op. cit., p. 43.

96. Loc. cit.

5.3.3.9.4. Auffangklassen of Opvangklasse

Net soos immigrantevolkskole kan die Übergangsklassen ook die natuurlike integrasie vertraag. Daarom word as alternatief vir die voorbereidingsklas Auffangklassen of opvangklasse volgens eie diskresie in verskillende Länder gebruik, want daar word aanvaar dat sosiopedagogiese, leerpsigologiese en spraakpedagogiese menings, wat ooreenstem met die ervaring in die onderwys van immigrantekinders, teen eie nasionale skole of oorgangsklasse vir immigrante gekant is. Een=stemmigheid is bereik ten gunste van die organisasie van internasionaal saamgestelde opvangklasse van beperkte duur en met intensiewe onderrig in Duits as die effektiefste wyse om alle rasse te akklimatiseer en te integreer in die Duitse skoolstelsel. Dit word algemeen aanvaar dat opvang=klasse aan vreemdelinge kwalitatief en kwantitatief, ook met die oog op latere beroepsarbeid, die beste pedagogiese diens lewer[97].

Al die vreemde kinders word onmiddellik by hulle aankoms en volgens hulle ouderdom sonder inagneming van hulle nasionali=teit in die internasionale opvangklasse met 'n maksimum van 25 kinders per klas toegelaat[98]. Skoolvervoer word gereël sodat skoolgrense nie die klasse beperk nie. Die kinders word in Duits deur ekspert-onderwysers onderrig wat opgelei is in die didaktiek van Duits as vreemde taal. In die primêre skool moet hulle daagliks drie uur en in sekondêre skole vier uur onderrig in Duits ontvang. Gedurende die res van die dag kan hierdie kinders saam met die Duitse kinders in vakke soos Wiskunde, Musiek, Huishoudkunde, Handwerk en sport - waar hulle met min taalkennis kan vorder - geplaas word [99]. Op Saterdae kan hulle vrylik die gewone klasse ter wille van sosiale kontak bywoon. Vanweë die heterogene samestelling van nasionaliteite in die opvangklasse word die kinders geforseer tot die gebruik van die speelterreintaal, nl. Duits. Dit vorm 'n skerp

---

97. Koch, Herbert, R. Op. cit., p. 179.
98. Jungman, O. Op. cit., p. 40.
99. Vergelyk paragraaf 5.3.3.10.

teenstelling met die taalgebruik van die geslote Übergangs=klassen[100]. Die oorplasing na die gewone Duitse klas word individueel na 5 - 6 weke gedoen sodra die kind Duits vol=doende bemeester het om met Duitse kinders te kommunikeer en die klaswerk te begryp. Hierna ontvang hulle verdere intensiewe taalonderrig.

Hierdie Auffangklassen is 'n effektiewe metode om immigrante=kinders wat normaalweg drupsgewys gedurende die skooljaar arriveer, te ontvang. Dit beskerm die Duitse kinders se vordering, motiveer die nuwelinge en verminder die skok van die vreemde taal. Hiermee saam word getrag om die ouers ook die taal so gou moontlik te laat aanleer.

Daar word om die volgende redes nie te lank gewag om die kinders na die gewone klasse oor te plaas nie: die Duitse taalomset in die gewone klasse is groter as in die opvangklas; die kinders in die opvangklas hoor by hulle maats te veel foutiewe woorde, vorme, sinstrukture en uitspraak; intrinsieke motivering om die Duitse taal te bemeester is groter in die gewone klas omdat dit funksionele waarde het en inpassing bevorder; en om die omvang van die onderrig so gou moontlik gelyk te maak[101].

5.3.3.10 Moderne taalonderwysmetodes

Die moderne Duitse taalpedagogiek word in die Auffangklassen aangewend. Hierdeur verwerf primêreskoolkinders binne twaalf weke 'n basiese woordeskat van 650 woorde, terwyl sekondêre=skoolkinders 700 woorde en elementêre sinstrukture bemeester wat hulle in staat stel om sonder ernstige frustrerende probleme in Duits te kan kommunikeer[102].

---

100. Vergelyk paragraaf 5.3.3.9.3.
101. Koch, Herbert, R. Op. cit., p. 180.
102. Jungman, O. Op. cit., p. 49;
Koch, Herbert, R. Op. cit., p. 92.

Tot op die ouderdom van nege jaar word die natuurlike omgang met Duitse speelmaats in die onderrig geëksploiteer, en kleuterskole word vir voorskoolse kinders aanbeveel. Vir ouer kinders, wat die taal gnosties aanleer, word die volgende riglyne om die aanleer van die taal te vergemaklik, aangegee:

(1) die gesproke taal moet as kommunikasiemiddel voorkeur geniet om kinders geestelik aktiewer te maak en hulle selfvertroue te gee;

(2) Duits moet deur medium van Duits en met maksimale taalkontak gegee word; en

(3) taal as kommunikasiemiddel is bowenal die hoor-en-spreektaal. Die kinders moet dus gelei word van luister na praat. Eers daarna volg lees en skryf.

Verdere navorsing oor taalonderwys, veral volgens die CREDIF-metode, word in München gekoördineer.

5.3.3.11 Ouers

Die wette en reëlings van die Bondsrepubliek oor ouermedewerking ter bevordering van die onderwys geld mutatis mutandis vir ouers van ausländische Erziehungsberechtigte. Die ouerraad van 'n skool met immigrante moet ook 'n verteenwoordiger uit die geledere van die uitlanders, as lid met adviserende hoedanigheid, koöpteer indien geen uitlander reeds tot die raad verkies is nie[103].

5.3.3.12 Onderwysers

Duitse onderwysers wat onderrig gee in die voorbereidingsklasse of in Duitse klasse waarin immigrantekinders is, word

---

103. Beschluss der Kultisministerkonferenz vom 3 Dezember 1971. Op. cit., p. 1.

aangemoedig en kry geleentheid om hulle in-diens verder vir die taak (te bekwaam. Slegs uitlandse onderwysers wat in hulle eie vaderland of in die Bondsrepubliek 'n volledige opleiding voltooi het, mag aangestel word, en hulle moet ook bewys van hulle kennis van Duits lewer[104]).

5.3.4 Immigranteonderwys in Switserland

Immigrasie in Switserland het dit nodig gemaak om 'n onderwys=beleid vir immigrantekinders te formuleer, waarin die volgende sterk figureer:

godsdiens en taal, skoolplig, die onderwysstruktuur, nasionale onderwys en moedertaalonderrig, registrasie en oriëntering, klasindeling, ouers en personeel.

5.3.4.1 Immigrasie in Switserland

Sedert die Tweede Wêreldoorlog ondervind Switserland as neutrale land 'n toestroming van vreemdelinge. Behalwe groot getalle vreemdelinge verbonde aan internasionale organisasies was daar, in 1970, 770 000 Fremdarbeiter, wat meestal saam met hulle gesinne gemigreer het en 230 000 Saisonarbeiter, wat as trekarbeiders sonder hulle gesinne gemigreer het. Laasgenoemde migreer hoofsaaklik om finansiële oorwegings en moet die land binne elf maande na aankoms weer verlaat[105]). In weerwil van hulle wesenlike bydrae tot die Switserse ekonomie is die verset teen die Fremdarbeiter in Switserland heftiger as in die ander nywerheidslande, en die Nationale Aktion gegen die Überfremdung von Volk und Heimat beveg hulle toestroming[106]). Die regering het gevolglik in Maart 1970 die aantal immigrante tot 20 000 per jaar beperk en hulle vryheid van beweging

---

104. Ibid., p. 2.

105. Schweizerische Dokumentationsstelle für Schul- und Bildungsfragen . Die Schulung der Fremdarbeiterkinder in der Schweiz, pp. 1 - 3.

106. Koch, Herbert, R. Op. cit., pp. 45 - 47.

ingekort sodat Fremdarbeiter eers na drie jaar verblyf in die land van werk- of standplaas na 'n ander kanton mag verhuis[107]. Die nasionaliteite en getalle Fremdarbeiter blyk uit tabel 47.

Tabel 47

Bevolkingsamestelling van die Fremdarbeiter in Switserland, 1968*

Nasionaliteite	Fremdarbeiter	Persentasie
Wes-Duitsers	114 650	12,2
Franse	47 200	5,2
Grieke	8 000	0,8
Italianers	522 600	56,0
Joego-Slawe	16 100	1,5
Oostenrykers	41 900	4,5
Spanjaarde	87 700	9,5
Turke	7 700	0,8
Origes (insluitende Portugese)	87 100	9,5
Totaal	932 950	100,0

*Koch, Herbert, R. Gastarbeiterkinder in deutschen Schulen, p. 45.

Daar was 53 330 Fremdarbeiterkinder gedurende 1968 in Switserse skole aanwesig, en die meeste kinders met taalprobleme was uit Italië, Spanje, Portugal en Griekeland afkomstig[108].

5.3.4.2 Die Switserse onderwysbeleid vir immigrantekinders

Alhoewel die labiliteit van die ouers se verblyftydperk die onderwysbeleid vir Fremdarbeiterkinder beïnvloed, het hierdie

---

107. Loc. cit.;
Vergelyk paragraaf 2.5.4.

108. Loc. cit.

kinders dieselfde voorregte as Switserse kinders op skool en ontvang hulle gelyke behandeling[109]. Die doel van die onderwys, wat in die verskillende kantons varieer maar tog deur die Komitee vir Interkantonale Koördinasie van Onderwys=stelsels gekoördineer word, word as volg deur prof. Egger saamgevat en geld ook vir immigrantekinders:

"...dass es in aller Zweckbestimmung um Charakter- und Gemütsbildung, Wissen und Können, körperliche Ertüchtigung und gesunde Lebensweise geht. Heute versucht man, diese Staatsbürgerliche oder politische Bildung neu zu beleben und den jungen Menschen vor allem auch zur Verantwortung gegenüber der Gesellschaft und im Geiste internationaler Verständigung zu erziehen[110]."

Die integrasie van Fremdarbeiterkinder in Switserse skole het ook 'n internasionaal-politiese aspek, te wete bevor=dering van verdraagsaamheid en medewerking. Daar word aanvaar dat die teenwoordigheid van hierdie kinders ver=rykend is en help om die engheid en erns van die Switsers te verlig. Daarom word die kinders positief benader om te voorkom dat hulle tot Abschlussklassen of Werkschülern afgekam word[111].

5.3.4.3 Die kwessie van godsdiens en taal

Switserland het 'n bevolking van 6,2 miljoen: 69,3% Duits, 18,9% Frans, 9,5% Italiaans en 2,3% Romaans, elkeen met 'n eie amptelike taal. Ten opsigte van godsdiens is die be=volking verdeel in 52,6% Protestante, 45,6% Rooms-Katolieke en 1,8% ander[112]. Die taal en godsdiens toon 'n streeksver=deling, en juis hierin setel een van die Switsers se aktueelste

---

109. Schweizerische Dokumentationsstelle für Schul- und Bildungsfragen. Op. cit., pp. 1 - 3;
Vergelyk paragrawe 3.4.1.3 en 5.5.1.1.

110. Onderhoud met prof. E. Egger;
Egger, E. Die Schule in der Schweiz, p. 743.

111. Egger, E. Loc. cit.

112. Egger, E. Education in Switzerland, p. 1.

probleme ten opsigte van onderwys aan immigrantekinders.

Die Italiaanse immigrante, 56% van al die immigrante wat een van die amptelike tale magtig is, maak veral in die Duits=sprekende Switserland, waar Frans die tweede amptelike taal is, daarop aanspraak dat hulle kinders deur medium van Itali=aans onderrig word al is dit nie die omgewingstaal nie[113]. Verder maak hulle in hierdie oorwegend Protestantse gebied daarop aanspraak dat hulle godsdiens, die Rooms-Katolisisme, gehandhaaf word. Aan hulle agitasies is aanvanklik toegegee, en aparte Italiaanse skole het tot stand gekom, maar die kul=turele ghetto wat so ontstaan het, was geen oplossing vir die probleem nie.

Omrede dit in nasionale belang is om 'n konfrontasie tussen die bevolkingsgroepe, 'n linguistiese oorlog en 'n versteuring van die kulturele balans te voorkom; en vanweë die gevestig=de binnelands-politiese Switserse beleid wat eie burgers van 'n minderheidsgroep nie toelaat om skole op te rig nie; en vanweë die totale afkeuring van ghettovorming, is as reaksie teen die Italiaanse immigrante se optrede kategories bepaal dat immigrantekinders die skool van die omgewing moet bywoon[114]. Slegs kinders wat beslis na die land van herkoms terugkeer, sal toegelaat word om bogenoemde Italiaanse skole vir 'n mak=simum tydperk van twee jaar te besoek. Daarna moet hulle die omgewingskool bywoon met die omgewingstaal as medium, om te verseker dat hulle die omgewingstaal aanleer. Aangesien statutêre voorsiening gemaak word vir die eerbiediging van die outochtone kinders se godsdienstige oortuiging, kan die Italianers nie aanspraak maak op Rooms-Katolisisme in Protes=tantse skole nie[115].

---

113. Vergelyk paragraaf 5.3.4.6, tabel 52;
Schweizerische Dokumentationsstelle für Schul- und Bildungsfragen. Die Schulung der Fremdarbeiterkinder in der Schweiz, mit besonderer Berücksichtigung der Italienerkinder, pp. 1 - 4.

114. Schweizerische Dokumentationsstelle für Schul- und Bildingsfragen. Loc. cit.;
Koch, Herbert, R. Op. cit., p. 90.

115. Loc. cit.

5.3.4.4 Skoolplig

Verpligte onderwys duur vir 7, 8 of 9 jaar afhangende van die onderwysstruktuur in 'n kanton, en kinders is van die leeftyd 6 of 7 jaar skoolpligtig[116].

5.3.4.5 Die onderwysstruktuur

Die onderwysstruktuur, soos saamgevat in tabel 48, geld ook vir immigrantekinders.

Promosie van immigrante in hierdie skole word deur die inspekteur bepaal, wat elke individu op eie meriete beoordeel en sertifikate, op aanvraag in die moedertaal voorsien vir gebruik in die Heimatland. Om gevalle van gestremde leerlinge te diagnoseer, met die oog op verwysing na spesiale skole, maak die skoolsielkundigediens gebruik van persone wat die kind se moedertaal magtig is[117].

5.3.4.6 Nasionale en moedertaalonderrig

Aangesien 'n tweede amptelike taal in sekere kantons opsioneel is, in ander glad nie aangebied word nie en in ander eers in die laaste drie jaar van die primêre kursus verpligtend is[118], word moedertaalonderrig vir immigrante op twee voorwaardes in Switserse skole aangebied: geskikte onderwysers moet beskikbaar wees en so ook die nodige geld. Moedertaal- en kulturele onderrig in Geskiedenis en Geografie word gegee sodat die Fremdarbeiterkinder nie van hulle vaderland vervreemd raak nie, met die oog op moontlike terugkeer. Reëlings word ook so ver moontlik met die tuisland getref om te verseker dat kinders daar sonder probleme hulle onderwys kan voortsit met inagneming van die verslag wat hulle van die Switserse skool kry[119].

---

116. Egger, E. Die Schule in der Schweiz, p. 752.

117. Schweizerische Dokumentationsstelle für Schul- und Bildungsfragen. Op. cit., pp. 1 - 4.

118. Oosthuizen, J.H.C. Die voertaal (medium van onderrig) in 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys, R.G.N. Verslag no. 06, pp. 15 - 16.

119. Onderhoud met prof. E. Egger;
Koch, Herbert, R. Op. cit., p. 90.

Tabel 48

Onderwysstruktuur in Switserland*



*Egger, E. Die Schule in der Schweiz, p. 207

5.3.4.7 Registrasie en oriëntering

Skoolpligtige immigrantekinders wat reeds in die buiteland op skool was, moet by toelating tot die Switserse skool 'n volledige verslag aangaande ouderdom, rekord van skolastiese prestasie en die duur van hulle vorige skoolbywoning indien. Ouers sowel as leerlinge word deur immigrasiebeamptes en die skoolhoof ten aansien van die skoolwese georiënteer[120].

5.3.4.8 Klasindeling

Onvoldoende taalkennis bemoeilik nie net die onderwys van die immigrantekinders nie maar ook dié van die Switsers, en daar bestaan gevolglik spesifieke reëlings ten opsigte van voorskoolse onderwys, direkte opname, Fremdsprachenklassen, Übergangsklassen, Aufholkurse en naskoolse hulp.

5.3.4.8.1 Voorskoolse onderwys

Die bywoning van die kindertuin of peuter- en kleuterskole word aangemoedig ten einde kinders in staat te stel om die omgewingstaal reeds voor skoolgaande leeftyd te bemagtig, sodat hulle direk in gewone klasse kan opgeneem word[121].

5.3.4.8.2 Direkte klasindeling

Wanneer immigrantekinders direk in klasse opgeneem word, moet die Switserse kinders in ag geneem word. Indien hulle nie normaalweg deur medium van die voertaal kan vorder nie, woon hulle slegs klasse soos Kuns, Liggaamsoefening, Handwerk en Musiek by terwyl die voertaal intensief vir die res van die tyd bestudeer word. Hierdeur behou hulle kontak met die normale milieu en die taalkonstellasie, en "Soziologische Untersuchungen haben gezeigt, dass sich Gruppengegensätze vermindern wenn die Kontakgelegenheiten vermehrt werden[122]."

---

120. Loc. cit.
121. Onderhoud met Schnyder, F. ;
Vergelyk Schnyder, F. Integration des enfants des travailleurs migrants, p. 1.
122. Koch, Herbert, R. Op. cit., p. 51.

5.3.4.8.3 Fremdsprachenklassen en Übergangsklassen

Vir skoolgaande kinders wat nie die voertaal magtig is nie, word Fremdsprachenklassen en Übergangsklassen[123] vir elke ouderdomsgroep van alle nasionaliteite ingestel, waar leer= linge deur middel van intensiewe kursusse en die taalpraktikum die voertaal vir drie tot ses uur daagliks, en in die geval van die Übergangsklassen vir 'n periode van drie tot twaalf maande kan leer. Hulle word na die normale klasse oorgeplaas volgens die onderwyser en hoof se diskresie en "zur Abklärung des günstigsten Schultyps steht den Lehrkräften der Fremdsprachenklassen auch der Schulpsychologische Dienst zur Verfügung[124]."

5.3.4.8.4 Zusatzunterricht en Förderkurse of bykomende vorderingsonderwys

Na oorplasing in normale klasse word besondere hulp aan leerlinge verleen met Zusatzunterricht of bykomende en individuele hulp in Förderkurse in skooltyd gedurende elke skooldag en twee maal per week na skool[125].

5.3.4.8.5 Aufholkurse of Opvangkursus

Die Aufholkurse word veral deur ouer leerlinge gebruik om met behulp van die taalpraktikum en intensiewe taalonderrig so gou moontlik hulle taalagterstand uit te wis ten einde met die normale klasse te vorder. Dit behels van drie tot ses uur taalonderrig daagliks[126].

---

123. Vergelyk paragraaf 5.3.3.9.4.
124. Koch, Herbert, R. Op. cit., p. 51.
125. Loc. cit.
126. Onderhoud met Schnyder, F. en Egger, E.

5.3.4.8.6 Aufgabenorte of naskooluurse huiswerkhulp

Na skool word spesiale hulp verleen met huiswerk in Aufgabenorte, aangesien die ouers nie tyd het of oor die taalvermoë beskik om die kinders te help nie.

5.3.4.9 Metode

Die moderne taalpedagogiek, wat eerstens op die bemagtiging van 'n mondelinge, praktiese woordeskat toegespits is, word gebruik, veral in individuele onderrig.

5.3.4.10 Ouers

Die ouers ontvang oriënteringsblaaie in die tale van die Fremdarbeiter, en taalklasse word vir hulle gereël.

5.3.4.11 Personeel

Die taalkursus word deur volledig gekwalifiseerde ouer, meer ervare, outochtone personeel gegee.

5.3.5 Onderwys van immigrantekinders in Frankryk

Die aanwesigheid van immigrante in Frankryk het die formulering van 'n onderwysbeleid en wetenskaplike navorsing na die onderwys van immigrantekinders gemotiveer. Behalwe die normale maatreëls ten opsigte van skoolplig en onderwysverskaffing in Franse skole is standpunt ingeneem ten opsigte van private immigranteskole en moedertaalonderrig. Verdere maatreëls maak voorsiening vir registrasie en oriëntering, klasindeling, wetenskaplik verant= woorde metode, die ouers en opleiding van onderwysers.

5.3.5.1 Immigrasie in Frankryk

Behalwe die Franse bevolking van 51-miljoen was daar in 1971 in Frankryk 3 393 457 immigrante, van wie 75% om ekonomiese redes geïmmigreer het[127]. Die immigrasie van ongeveer 22%

---

127. Documents sur les Travailleurs Étrangers. Statistique des Étrangers. Hommes et migrations, 113, 1972, pp. 2 - 4.

is deur heldeverering van Frankryk, die soeke na 'n hoë lewenstandaard, sosiale verkeer en gematigde klimaatsomstandighede gemotiveer. Daar was in 1971 ook 111 607 (3%) vlugtelinge, onder andere 9 843 Viëtnamese en 5 000 Sjinese uit Hongkong en Formosa[128]. Die immigrante afkomstig vanoor die hele wêreld woon veral in die omstreke van Parys, Lyon-Saint Etienne, Marseilles en Bordeaux. Tabel 49 toon slegs die mees verteenwoordigende nasionaliteite.

Tabel 49

Die mees verteenwoordigende nasionaliteite van immigrante in Frankryk, 1971*

Nasionaliteit	Aantal	Nasionaliteit	Aantal
Spanjaarde	618 200	Joego-Slawe	48 200
Italianers	585 880	Amerikaners	46 400
Algeryne	471 020	Switsers	31 660
Portugese	303 160	Britte	18 760
Polinesiërs	131 280	Nederlanders	10 600
Morokkane	88 280	Turke	7 760
Belge	66 740	Luxemburgers	3 940
Tunisiërs	60 180	Ander nasionaliteite	901 397
		Totaal	3 393 457

*Documents sur les Travailleurs Étrangers. Statistique des Etrangers. Hommes et migrations, 113, 1972, p. 2.

Die groot aantal immigrante uit Spanje, Italië, Portugal, Joego-Slawië en Turkye immigreer as gevolg van die chroniese werkloosheid in die lande van herkoms, terwyl die begeerte na 'n ambag of professionele kwalifikasie die hoof immigrasiemotief van die Algeryne en Marokkane is. Die Europese Gemeenskapsmark stimuleer ook immigrasie uit België, Switserland, Brittanje en Nederland.

---

128. Loc. cit.

Met die uitsondering van trekarbeiders, laat talle van die vreemde arbeiders hulle gesinne kom met die oog daarop om hulle permanent te vestig. So was daar in 1971 ongeveer 750 000 immigrantekinders waarvan 400 000 van skoolgaande ouderdom was vir wie bykomende reëlings in die onderwys getref moes word[129].

5.3.5.2 Onderwysbeleid vir en wetenskaplike navorsing oor die onderwys van immigrantekinders

Behalwe die onderwysbeleid wat vir Franse kinders sowel as vir immigrante geld, word bykomende reëlings, wat op wetenskaplike navorsing gebaseer is, vir laasgenoemde getref[130]. Die doel van die onderwys is nasionale eenheid, wat 'n begrip van die kulturele erfenis, lojaliteit en patriotisme en die gebruik van een taal as verenigende faktor beklemtoon. Die onderwys van immigrantekinders is dus toegespits op die aanleer van Frans, suksesvolle aanpassing en integrasie[131]. Die Ministerie van Onderwys win professionele advies oor die onderwys van immigrantekinders van die volgende raadgewende liggame in[132]:

Centre de Recherche et d'Etude pour la Diffusion du Francais. (CREDIF); die sentrum vir navorsing oor en bevordering van Frans in die Ecole Normale Supérieur St. Cloud, wat linguistiese en pedagogiese navorsing doen en direk betrokke is by advies oor die onderwys van immigrantekinders en die opleiding van onderwysers vir hierdie taak; L'Amicale pour l'Enseignment des Etrangers [133], 'n vereniging vir die absorpsie van immigrante wat taal en kompensasie-onderwys aan immigranteouers sowel as immigrantekinders verskaf en wat hom beywer vir hulle integrasie; en Bureau pour l'Enseignment de la Langue et de la Civilisation Francaise a l'Etranger, dit is 'n buro vir Franse kulturele- en taalonderrig aan vreemdelinge[134].

129. Loc. cit.
130. Vergelyk paragrawe 5.3.5.8 en 5.3.5.9.
131. Creyssel, P. Le Directeur du Cabinet. Secretaire d'Etat et par delegation. Circulaire no. ix, 70 - 37, du 13 Janvier 1970, pp. 407 - 410;
Vergelyk ook omsendbriewe van 9 Februarie en 16 Desember 1970
132. Onderhoud met Grange, Pierre van CREDIF.
133. Dabene, M. Le CREDIF et L'Amicale, Vivre en France, no. 1 van 1968, pp. 17 - 19.
134. Ferré, M. L'Amicale et L'Education Nationale. Vivre en France, no. 1 van 1968, pp. 14 - 16.

5.3.5.3 Skoolplig

Onderwys is van 6 tot 16 jaar verpligtend. Meisies en seuns ontvang gratis onderwys in aparte skole maar klein getalle kan oor en weer toegelaat word[135].

5.3.5.4 Godsdiens

Die beginsel van neutraliteit word ten opsigte van godsdiens, wat as die verantwoordelikheid van ouers en kerke beskou word, gehandhaaf. Om godsdiensonderrig moontlik te maak, word skole heeldag op Donderdae gesluit[136].

5.3.5.5 Tipes skole

Die Franse ouers heg nie veel waarde aan sport nie en is primêr

Tabel 50



* Mallison. V. Comparative education, p.238.

135. Onderhoude met skoolhoofde.

136. Loc. cit.

geïnteresseerd in die kind se intellektuele vordering in een van die baie tipes skole in die Franse onderwysstelsel, waarvan 'n samevatting in tabel 50 gegee word.

Benewens bogenoemde stelsel is daar spesiale skole vir gestremde kinders[137].

5.3.5.6 Nasionale skole en moedertaalonderrig

Die beklemtoning van nasionale eenheid en solidariteit en van die taal as verenigende faktor dra by tot die totale afkeuring van nasionale en ghettoskole vir immigrante. Omdat Franse skole van 8h00 tot 18h00 van Maandag tot Saterdag funksioneer, is daar trouens weinig tyd vir bywoning van sodanige private skole[138]. Omdat dit egter as wenslik beskou word om kommunikasie tussen ouer en kind te behou, word moedertaalonderrig vir immigrante in skole gegee waar die getalle dit regverdig. Maar vanweë die groot getalle en heterogeniteit van die immigrante word dit tot die minimum beperk. Die meeste immigrantekinders leer Frans en wil nie graag terugkeer na hulle agrariese lande van herkoms nie. Hulle vertoon trouens dikwels 'n gebrek aan kennis van hulle moedertaal, en dit veroorsaak soms selfs wrywing tussen kinders en hulle ouers.

5.3.5.7 Registrasie en oriëntering

Skoolpligtige immigrantekinders moet hulle onmiddellik na hulle aankoms by die naaste skool in hulle omgewing aanmeld. Indien hulle nie die voertaal magtig is nie en spesiale pedagogiese hulp moet verkry, word hulle na die naaste skool gestuur waar die hulp in spesiale klasse verleen word en waarheen gratis munisipale busvervoer verskaf word. Hoofde van skole en CREDIF-inspekteurs moet volledige inligting aan

---

137. Loc. cit.;
Onderhoud met Grange, Pierre.

138. Onderhoude, Loc. cit.

ouers en kinders verskaf. Sodra hulle die voertaal magtig is, word die kinders na die omgewingskool terugverwys, waar hulle saam met hulle ouderdomsgroep deel van die gewone klasse word[139].

5.3.5.8 Klasindeling en reëlings om snelle integrasie te bevorder

Die volgende fasiliteite word met die oog op snelle integrasie in die gewone skole voorsien: verpligte kleuterskole, inhaal- of opvangklasse, kwartaalklasse, eenjarige aanvangsklasse en klasse vir adolessente immigrantekinders.

5.3.5.8.1 Verpligte kleuterskoolbywoning

Om onmiddellike opname in 'n Franse skool te bevorder, word immigrantekleuters op aanbeveling van CREDIF verplig om kleuterskole te besoek sodat hulle die taal so jonk as moontlik paties kan aanleer[140]. So berei die kleuterskole die immigrantekleuters voor om op gelyke voet met die Franse te begin.

5.3.5.8.2 Inhaal- of opvangklasse

Skoolpligtige intelligente, goedaangepaste kinders van lande met 'n hoë onderwysstandaard word volgens hulle ouderdom of skolastiese niveau direk in 'n toepaslike inhaalklas Course de rattrapage intégré geplaas. Hierdie klasse word weekliks sodanig gegroepeer dat groepe van 15 immigrante 'n minimum van agt uur taalonderrig per week geniet. Om natuurlike integrasie in die skoolmilieu te bevorder en die Franse kinders te beskerm, word die aantal immigrante tot vier of vyf per gewone klas beperk[141]. Die inhaalklas kan nadelig wees vir diegene wat

---

139. Grange, Pierre. Classes D'Initiation, CREDIF, Januarie 1972, p. 2;
Vergelyk ook omsendbrief van 16 Desember 1970.

140. CREDIF, Principes Methodologiques de Bonjour Line, Januarie 1972, p. 6.

141. Creyssel, P. Op. cit., pp. 407 - 410.

nie daartoe in staat is om gou by te kom nie en kan tot allerlei probleme, onder meer aggressiwiteit, aanleiding gee. Vandaar die alternatiewe reëlings.

5.3.5.8.3 Kwartaal- of semesteraanvangsklasse

Immigrantekinders kan sodra hulle arriveer in die Classe trimestrielle ou semestrielle geplaas word vir 'n kwartaal (drie maande) of semester (ses maande) vir intensiewe onderrig[142]. Hierdie benadering is veral by ouer kinders suksesvol. Dit versnel hulle integrasie en het die voordeel dat immigrantekinders wat gedurende die jaar arriveer, binne twee tot drie siklusse in gewone klasse kan inpas.

5.3.5.8.4 Eenjarige aanvangsklasse

Eenjarige aanvangsklasse La classe d'Initiation annuelle is ingestel met die oog op die groot aantal kinders van die Mediterreense en ontwikkelde lande, waar die onderwysstandaard aansienlik laer as in Frankryk is; op kinders wat die taal moeilik aanleer; en op ouer immigrantekinders wat die sekondêre siklus wil volg[143]. Die kinders ontvang in die klasse intensiewe onderwys sodat hulle na verloop van 'n jaar volgens hulle ouderdom of skolastiese niveau en intelligensievermoë in die gewone klasse geplaas kan word of, indien nodig, in 'n spesiale klas vir Franse leerlinge wat teen 'n stadige tempo vorder. Immigrantekinders mag nie by hulle aankoms direk in die aanpassingsklas geplaas word nie. Hulle mag ook nie vanweë gebrekkige taal 'n klas terug geplaas word nie, want vir hierdie doel is die jaar-aanvangsklas ingestel. Wanneer immigranteleerlinge na 'n jaar in gewone klasse ingedeel word, mag hulle ook nie meer as twee jaar agter hulle ouderdomsgroep wees nie.

---

142. Loc. cit.

143. Grange, Pierre. Visité des Classes d'Initiation pour Enfants Etrangers, p. 1.

Die aanvangsklasse, wat uit hoogstens 20 leerlinge bestaan, maak dit vir vreemde kinders moontlik om teen hulle eie tempo te werk en hulle progressief in die samelewing in te pas. Die klas is deel van 'n gewone skool, en die kinders moet by alle skoolaktiwiteite betrek en nie gesegregeer word nie.

5.3.5.8.5 Klasse vir adolessente immigrante

Die immigranteorganisasie L'Amicale reël Classe pour adolescents étrangers vir adolessente van 12 - 16 jaar, wat veral vanweë kulturele verstokenheid nie by die gewone klasse kan aanpas nie[144]. Dit is vir talle adolessente moeilik om die Franse taal aan te leer, en derhalwe om in die Lyceé te vorder of in die Baccalaureat te slaag omdat hulle in drie van die sewe tipes Lyceés een moderne taal en in die ander vier tipes twee moderne tale behalwe Frans moet neem. Om dié rede ontvang die adolessente in die klasse intensiewe onderrig in Frans maar ook kompensasie-onderwys. Hulle word egter terselfdertyd opgelei vir 'n ambag. So word getrag om die leerlinge 'n gelyke kans met die Franse te gee en om jeug= misdaad te voorkom. Franse vakansiekampe word ook vir hulle gereël[145].

5.3.5.9 Besondere metodes van taalonderrig

Om die toekoms van Frans op internasionale gebied te bevorder, het die Ministerie van Nasionale Onderwys opdrag tot 'n taal= navorsingsprogram gegee. 'n Navorsingsentrum vir hierdie doel is in 1951 in die Ecole normale Supérieur St. Cloud, onder leiding van prof. M. Gougenheim gestig. Dit het gelei tot die beskikbaarstelling van Le Francaise Fundamental wat op

---

144. Grange, Pierre. Classes d'Initiation, p. 2.
145. Loc. cit.

die lewende spreektaal gebaseer is[146]. Die onmiddellike gevolg van die beskikbaarstelling van Le Francaise Fundamental was weer die Voix et Images de France, 'n oudio-visuele kursus in Frans vir beginners, en Bonjour Line. Laasgenoemde kursus van CREDIF word deur 95% van die skole gebruik. Dit gaan van die beginsel uit dat die kind die taal eers mondelings moet aanleer deur te luister, te verstaan, te praat en te lees[147]. Die linguistiese inhoud is eenvoudige, fundamentele Frans, d.w.s. die mees gebruiklike woorde, grammatikale vorme en onvervangbare kommunikasiestrukture, wat in drie trappe aangebied word, nl. Bonjour Line 1 met 500 woorde, II met 156 woorde en III met 200 woorde. Die hele benadering is funksioneel en oudio-visueel. Van die volgende hulpmiddels en tegnieke word gebruik gemaak: die film Bonjour Line, 'n projektor en doek, die onderwyser se handflitskaarte, die taalpraktikum en groepdialoog. Werkboeke word gebruik om Frans deur middel van klank en beeld te leer. Rekenkunde en Wiskunde word saam met Frans gegee omdat gemeen word dat die logika van die moderne Wiskunde 'n goeie invloed op taal het. Gedurende die eerste ses weke word geen geskrewe taalwerk gedoen nie. Die geskrewe taal word progressief saam met ander vakke en aktiwiteite bygevoeg, wat komplementêr tot aanpassing in Frankryk sal lei. Gedurende die mondelinge aanvangstydperk word heelwat sang en tekenwerk gedoen sodat die kinders deur middel van tekeninge uiting aan hulle gevoelens kan gee, en die tekeninge gee ook aan die CREDIF-psigoloë insig in die kinders se probleme. Uitstappies, Classes promenades, word elke 14 dae onderneem. Indien huiswerk gegee word, word dit onder toesig van onderwysers gedoen.

'n Pedagogiese kontrole word uitgeoefen deur 'n komitee van vier inspekteurs en pedagogiese adviseurs wat ook die Kabinet op hoogte van die immigranteonderwys hou. Daarby besoek ook die

146. Grange, Pierre. Onderhoud by CREDIF, St. Cloud.
147. CREDIF. Principes Methodologique de Bonjour Line. St. Cloud, Jan. 1972, p. 8.

CREDIF-inspekteurs die klasse wat die Bonjourmetode volg; hulle gee advies oor onderwystegnieke en bring probleme onder die aandag van CREDIF vir verdere navorsing.

5.3.5.10 Ouers

L'Amicale reël ook klasse vir drie aande per week om die ouers die taal so gou moontlik te laat leer, ten einde kommunikasie met die gesin te behou en die ouers se inpassing te bevorder[148].

5.3.5.11 Opleiding van onderwysers

Bogenoemde eksperimentele klasse word deur die bekwaamste onderwysers, wat deur CREDIF opgelei is, waargeneem. Hulle spesialiseer aan universiteite in Frans, Sosiale en Psigologiese Pedagogiek, Linguistiek, Fonetiek, oudio-visuele metodologie, leesonderrig en skrif. Onderwysers kan ook indiensopleiding geniet. Jaarlikse kursusse word gehou vir heroriëntering en die bespreking van probleme in verband met die eksperimentele klasse[149].

5.3.6 Die Belgiese onderwysbeleid in verband met die voertaalkeuse van immigrantekinders

België ontvang jaarliks ongeveer 40 000 immigrante wat om ekonomiese redes en met die oog op die beter ekonomiese situasie binne die Europese Gemeenskapsmark immigreer[150]. Gevolglik was daar gedurende 1972 reeds 98 843 vreemde leerlinge op skool[151]. Behalwe die besondere beleid ten aansien van voertaalkeuse word geen voorsiening vir immigrantekinders in België gemaak nie. Omdat België se amptelike tale 'n streeksverdeling toon, te wete Nederlands in Vlaandere, Frans in Wallonië, Duits in die Duitse Streek en Nederlands

---

148. Ferré, M. L'Amicale et L'Education Nationale. Vivre en France, no. 1, 1968, p. 48.
149. Onderhoud met Grange, Pierre.
150. Statistieke verstrek deur die Ministerie van Nationale Opvoeding en Nederlandsche Cultuur, Brussel, 1972.
151. Loc. cit.

en Frans in die arrondissement Brussel, is die beleid in verband met die voertaalkeuse van immigrantekinders in 1963 geformuleer[152].

Die taalreëling bepaal dat immigrantekinders in die Vlaamse streek tot Nederlands, in die Waalse streek tot Frans en in die Duitse streek tot Duits as voertaal verplig is[153]. In die arrondissement Brussel kan die gesinshoof 'n keuse tussen Frans of Nederlands maak[154]. Tabel 51 toon die voertaalkeuse van die immigrantekinders van die verskillende nasionaliteite.

Volgens tabel 51 is dit opvallend dat dieselfde neiging as in die R.S.A. ten opsigte van Afrikaans [155] ook in België ten opsigte van Nederlands voorkom, naamlik dat die voertaal van die meerderheid slegs deur 'n minderheid, naamlik 16%, van die immigrantekinders gekies word en dat die Duitse en Romaanse immigrante hulle hoofsaaklik in die Franse gebied vestig en voorkeur aan Frans gee.

---

152. Onderhoud met F. Vereycken, kyk vraelys.

153. Boudewijn Koning der Belgen. Wet houdende taalregeling in het onderwijs (1), 30 Julie 1963, pp. 1137 - 1147 en Wet op het gebruik van de talen in bestuurzaken (1), 2 Augustus 1963, pp. 1089 - 1126.

154. Boudewijn Koning der Belgen. Wet tot wijziging van art. 10 van de Wet van 30 Juli 1963 houdende taalregeling in het onderwijs (1), 27 Julie 1971, p. 1709 en Wet houdende organisatie van de agglomeraties en de federaties van gemeenten, 26 Juli 1971;
Kyk ook Bulletin van het Ministerie van Nationale Opvoeding en Nederlandsche cultuur, no. 15 - 16, Augustus 1971, pp. 1133 - 1179.

155 Vergelyk paragrawe 3.4.1 en 4.3.

Tabel 51

Voertaalkeuse van Belgiese en immigrantekinders volgens lande van herkoms, 1972*

Voertaalkeuse in taalstelsel van Belgiese skole	Nederland	Luxemburg	Frankryk	Italië	Bondsrepubliek Duitsland	Verenigde Koninkryk	Spanje en Portugal	Ander Europese lande Tsjeggo-Slowakye e.a.	Kongo	Ruanda-Urundi	Ander van Asië Turkye, Sjina, e.a.	Immigrantekinders	Belgiese kinders	T o t a a l
Totaal Franse taalstelsel	1 201	1 221	6 806	42 448	1 054	739	12 063	9 560	1 310	92	6 123	82 617	494 306	576 923
Persentasie Franse taal= stelsel	21,9	94,1	95,8	91,5	54,9	68	85,9	79,9	95,7	81,4	75,9	83,6	38,9	43
Totaal Nederlandse taal= stelsel	4 151	46	291	4 031	638	347	1 971	2 381	58	21	1 928	15 863	742 220	758 083
Persentasie Nederlandse taalstelsel	76,7	3,4	4,1	7,6	33,2	31,9	14	19,9	4,2	18,5	23,9	16	60,5	56,4
Totaal Duitse taalstelsel	73	30	1	8	227		4	14			6	363	6 738	7 101
Persentasie Duitse taal= stelsel	1,3	2,3	,01	0,1	11,8		,03	0,1			,07	0,4	0,5	0,5
Groot totaal	5 425	1 297	7 098	46 487	1 919	1 086	14 038	11 955	1 368	113	8 057	98 843	1 243 264	1 342 107

*Vereycken, M.F. Direkteur-generaal, Departement Nationale Opvoeding, België.

In België word daarna gestreef dat immigrantekinders die taal van die omgewing so gou moontlik moet aanleer. Die kleuterskool word as baie waardevol beskou om die voertaal vroegtydig aan te leer en om vroeë aanpassing van kinders, ook dié uit die minder ontwikkelde sosiale milieus, te bevorder. Gevolglik woon 99% van alle kinders reeds op vyfjarige leeftyd die kleuterskool by[156].

Die reëlings in verband met die keuse van 'n tweede taal geld vir Belgiese sowel as vir immigrantekinders. Van Graad 2 af word naamlik Frans in 'n Vlaamse gebied, Frans in Duitse skole, Duits in Franse skole en die alternatiewe taal in Brusselse skole onderrig[157]. In sekondêre skole, behalwe in Brussel, het leerlinge 'n keuse tussen Engels, Frans of Duits, en 50% van dié leerlinge neem Engels[158]. Vrystelling van die tweede taal kan verleen word wanneer die gesinshoof nie in België bly nie[159].

5.3.7 Onderwys aan immigrantekinders in Nederland

Ongeveer 90 000 buitelandse werknemers, waarvan 6 000 hulle gesinne laat kom het, bevind hulle om ekonomiese redes in Nederland waar hulle veral by die Ryn konsentreer[160]. Die trekarbeiders is van Griekse, Portugese, Turkse en Engelse oorsprong. Diegene wat van hulle gesinne vergesel is, vertoef

---

156. Organisatie van het onderwijs in België en het school= pact, p. 9.

157. Omzendbrief van 21 September 1971 . Keuze van de tweede, de derde en de vierde taal in het secundair onderwijs, no. 59/71.

158. Onderhoud met M.F. Vereycken.

159. Boudewijn Koning der Belgen. Wet houdende taalregeling in het onderwijs (1), 30 Julie 1963, art. 12.

160. Timmermans, H.J. Kinderen van buitelandse werknemers, Gemeentelijke inspectie van het onderwys, 's Gravenhage, 8 Desember 1970, p. 1.

van vier tot vyf jaar in Nederland terwyl 25% van die Spaanse en Italiaanse gesinne en talle Surinamese, Maleiers, Sjinese en Indonesiërs van eertydse Nederlandse besettingsgebiede hulle permanent vestig[161]. Die onderwys word aan immigrante=kinders net soos aan Nederlanders verskaf tot tyd en wyl die navorsing voltooi is op grond waarvan 'n beleid in dié verband geformuleer kan word. Die volgende instansies is met die navorsing gemoeid: die Ministerie van Onderwys en Wetenskap, die Ministerie van Kultuur, Rekreasie en Maatskaplike Werk, die Ryksinspektoraat en die Inspektoraat van Rotterdam[162].

Die onderwys aan immigrantekinders is tans gerig op die aan=passing van die kind by die Nederlandse omgewing en die bemeestering van die Nederlandse taal. Vir dié doel bestaan daar reeds die volgende aanbevelings[163]:

(1) Immigrantekinders moet kleuterskole bywoon omdat bevind is dat jonger kinders die Nederlandse taal voortreflik aanleer.

(2) Onmiddellike integrasie en verspreiding van immigrante=kinders word nagestreef, en dit word as opvoedkundig on=verantwoordbaar beskou om vreemde kinders van verskillende nasionaliteite of van een nasionaliteit saam te groepeer en van Nederlandse leerlinge te segregeer. Die ywer waarmee hierdie aanbeveling uitgevoer word, blyk byvoor=beeld uit die School Galvaniastraat, wat geleë is in 'n gebied met 'n besonder swaar besetting immigrante dog wat slegs 13 immigranteleerling, dit is 10% van die totale inskrywing het. Daar bestaan egter 'n besliste neiging onder Rooms-Katolieke immigrante om hulle kinders na kloosterskole te stuur.

---

161. Loc. cit.

162. Schmidz, C.C.D. Internasionale betrekkinge. Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen, 's Gravenhage, 20 Julie 1971, p. 1.

163. Ferdinandusse, H.M. & Sewing, F.J.P. Het onderwijs aan kinderen van buitelandse arbeidskrachten, algemene bond van onderwijzend personeel, p. 1;
Timmermans, H.J. Kinderen van buitelandse werknemers, p.4: en
Timmermans, H.J. Kinderen van Turkse werknemers op die lagere scholen te Den Haag, 's Gravenhage, 1970, p. 5.

(3) Aparte nasionale skole vir immigrante word afgekeur, en daar bestaan ook nie sulke skole nie. Vir diegene wat gaan terugkeer na hulle land van herkoms, word moedertaal= onderwys in skole aanbeveel indien enigsins moontlik.

(4) Spesiale onderwysers moet vir remediërende werk en na= skoolse skolastiese hulp aangestel word.

5.3.8 Europaskole en aanbevelings van die Europaraad

Europaskole is nuwe skole wat tans met die oog op die eenheid van Europa en migrasie in Europa tot stand kom[164]. Altesaam ses van hierdie skole bestaan reeds in België, Luxemburg en Nederland. Die doel van die Europaskole is om die kinders met die tale van Europa toe te rus om sodoende beter ver= houdings deur middel van linguistiese en sosiale labiliteit tussen die Europese lande te bevorder. Vir dié doel leer die kinders Frans, Duits en Engels wat afwisselend die voer= tale vir alle vakke is. So sal Wiskunde byvoorbeeld in die loop van drie jaar deur medium van al drie tale onderrig word. Russies word as vierde taal aangebied. Die finale sertifikaat van die skool wat in alle Europese lande erken word, heet dan ook Europasertifikaat.

Behalwe die Europaskole het die Europaraad se onderwyskom= missie, met die oog op die ongeveer agtmiljoen trekarbeiders wat reeds gedurende 1969 in Wes-Europa werksaam was, die vol= gende aanbevelings met betrekking tot die onderwys van vreemde kinders in die ontvangende Europalande gemaak[165] :

---

164. Onderhoude met direkteur-generaal Vereycken, M.F. & Egger, E.; Salt, J. Job finding in a United Europe. The Geographical Magazine, Vol. XLV, no. 11, Augustus 1973, p. 768.

165. Koch, Herbert, R. Op. cit., p. 79;
Standing conference of European ministers of education, Committee of senior officials - Chairman Prof. E. Egger, Plenary meeting, Strasbourg, 3 - 4 November 1971.

(1) Dit is in belang van die lande van herkoms en van die ontvangende lande dat die kinders van buitelandse werknemers so 'n volledig moontlike opvoeding kry.

(2) Vreemde kinders moet dieselfde voorregte as landskinders geniet en moet aan dieselfde skoolplig onderworpe wees.

(3) Koördinasie van kurrikula op kontinentale vlak moet plaasvind, en onmiddellike integrasie van leerlinge moet onder andere deur verspreiding van immigrante= leerlinge in gewone klasse bevorder word.

(4) Samewerking tussen lande is nodig om pedagogiese inlig= ting oor kinders te verstrek. Die inligting moet deur die skool in die land van herkoms saamgestuur word, en indien die kind terugkeer, geld dieselfde reëling.

(5) Skatting van die kinders se psigiese en intellektuele ontwikkeling moet met die grootste objektiwiteit en met inagneming van die verslag afkomstig uit die land van herkoms gedoen word.

(6) Moedertaalonderrig in skole word aanbeveel.

(7) Die lengte van verblyfsduur moet in ag geneem word as getrag word om die skolastiese integrasie van vreemde kinders op die volgende wyses te bevorder:

(a) Direkte verspreiding in gewone klasse om die spontane aanleer van die landstaal te bevorder, gepaard met voorsiening van spesiale taalklasse. Klein kinders moet kleuterskole bywoon om spoedige integrasie te bevorder.

(b) Spesiale klasse, met 'n maksimum duur van een jaar, moet voorsien word vir leerlinge met besondere aan= passingsprobleme.

(c) Elastiese integrasie wat 'n sintese van die positiewe aspekte van albei bogenoemde integrasiewyses behels.

(8) Die vreemde kinders moet die aanleer van 'n verdere vreemde taal gespaar word gedurende die aanpassingstyd, waarin hulle die nuwe voertaal moet bemeester.

5.3.9 Die onderwys van immigrantekinders in Engeland

Ook wat Engeland betref, sal daar aangedui word wat die aard en omvang van immigrasie is en sal die konsentrasie van immigrantekinders, die onderwysbeleid vir immigrantekinders, skoolplig, gratis onderwys, die skoolstelsel, private moedertaalskole en moedertaalonderwys, die spesiale maatreëls ten opsigte van klasindeling, navorsing met betrekking tot taal, onderwysmetodes, ouers en personeelvoorsiening met betrekking tot immigrantekinders onder die loep geneem word.

5.3.9.1 Immigrasie in Engeland

Engeland het gedurende die twintigste eeu om politieke redes verskillende immigrasietoelope beleef, soos dié van die Oos-Europese Jode, die vlugtelinge van die Eerste Wêreldoorlog en van die Spaanse Burgeroorlog, 80 000 vlugteling-Europeërs van die Tweede Wêreldoorlog, 11 000 Hongare in 1956 en 60 000 Italianers volgens 'n spesiale immigrasieskema[166]. Die grootste immigrasie, naamlik dié uit Ierland, wat reeds in 1820 begin het, duur nog steeds voort.

Ekonomiese redes het immigrasie van die Statebondslande gemotiveer. Dit het in 1948 in alle erns begin met die aankoms van 500 Wes-Indiërs, en gedurende die vyftigerjare in getalle toegeneem met immigrasie uit Ciprus, Indië, Pakistan, Kenja en ander Statebondslande[167]. Die Statebondsimmigrasiewet is in 1961 aangeneem om die toevloei van immigrante te kontroleer en te beperk, en in 1965 is 'n nuwe immigrasiebeleid

---

166. Department of Education and Science. The education of immigrants. Education survey 13, p. 1.

167. Butterworth, E. & Kinnibrugh, D. Scope Handbook 1. The social background of immigrant children from India, Pakistan and Cyprus, pp. 7 - 20.

geformuleer en verdere beperkings opgelê waarvolgens slegs 8 500 werkspermitte, met insluiting van 1 000 aan Maltese, per jaar toegeken sou word[168]. Gesins- en kettingmigrasie kom grootskeeps in Engeland voor, sodat die aantal immigrante=kinders in skole in 1970 reeds op 262 279, dit is 3,5% van die totale skoolbevolking van 7 477 247, te staan gekom het[169]. Tabel 52 toon die herkoms van die immigrantekinders in Engeland in 1970 aan.

Tabel 52

Herkoms van immigrantekinders in Engeland gedurende 1970*

Land van herkoms	Immigrante=kinders	%
Wes-Indië	109 580	41,7
Indië	52 237	19,9
Pakistan	23 995	9,2
Europa	23 356	8,9
Afrika	21 198	8,1
Ander	31 913	12,2
Totaal	262 279	100

*Townsend, H.E.R. Immigrant pupils in England, p. 24.

Die immigrante uit Europa is veral uit Italië en Ciprus af=komstig. Die groot aantal Wes-Indiërs, Indiërs en Pakis=tani's is die mees opvallende vreemde groep immigrante. Hulle is ook tot konsentrasie geneig en moes derhalwe spesiaal in ag geneem word by die formulering van die onderwys beleid vir immigrantekinders soos verder uiteengesit is.

---

168. Loc. cit.

169. Townsend, H.E.R. Immigrant pupils in England, pp. 19 - 29.

5.3.9.2 Die onderwysbeleid vir immigrantekinders

Die Britse onderwysbeleid geld vir Britse sowel as vir immigrantekinders[170]. Die onderwys aan immigrante=kinders is ook daarop toegespits om hulle tot volledige burgerskap op te voed en om met die Engelse nasionale karakter te konformeer. Die probleem is egter dat immigrante in minder gegoede woonbuurte van nywerheid=sentra in Londen, Yorkshire, Lancashire en die westelike middellande konsentreer, sodat die immigrantekinders oneweredig tussen die 146 plaaslike onderwysoutoriteite, L.E.A.'s. versprei is[171]. Hierdie wanverspreiding blyk daaruit dat slegs 9 907 van die 28 528 skole in 1970 immigranteleerlinge gehad het. Vanweë dié konsen=trasie; die snelle toename van immigrantekinders, wat tussen 1966 en 1970 van 131 043 tot 262 279 verdubbel het - dit is van 1,8% tot 3,5% van die skoolbevolking[172]; en die nadele wat dit vir die kinders inhou, is 'n onderwys=beleid vir immigrantekinders op aanbeveling van die in=spekteurs geformuleer[173].

Verspreiding word aanbeveel omdat
"experience suggests that apart from unusual difficulties (such as a high proportion of non-English speakers) up to a fifth (20%) of immigrant children in any group fit in with reasonable ease, but that, if the proportion goes over about one-third either in the school as a whole or in any one class, serious strains arise. It is therefore desirable that the catchment areas of schools should wherever possible be arranged to avoid undue concentra=tions of immigrant children[174]."
Skole in immigrantegebiede mag nie met immigrantekinders oorstroom word nie en die immigrante moet na omliggende

---

170. Department of Education and Science. Op. cit., pp. 1 - 30.

171. Townsend, H.E.R. Loc. cit., Local Education Authority (L.E.A.).

172. Loc. cit.

173. Department of Education and Science. Op. cit., pp.14-30; Power, J. Immigrants in school, pp. 5 - 10; National association of schoolmasters. Education and the immigrants, p. 2.

174. Department of Education and Science. Op. cit., p. 17; Circular 7 of 1965.

skole versprei word, waar nodig met behulp van vervoer= skemas om sodoende rassesegregasie te voorkom en kulturele kontak met die Engelse te bewerkstellig. Daar word ook aanbeveel dat 'n klas nie met een nasionaliteit oorlaai word nie, sodat die immigrantekinders die Engelse taal gou kan aanleer.

Ten einde die steun van die ouers te kry, word Engelse sowel as immigranteouers vooraf ingelig oor die pedago= giese gronde van die maatreëls. Ouers word ook daarop gewys dat sowel Engelse as immigrantekinders se vordering deur 'n konsentrasie van immigrantekinders vertraag word[175]. Immigrante verkies ook dat hulle kinders nie skole met 'n oorheersend immigrantekarakter bywoon nie omdat hulle self meen dat dit hulle kinders se vordering rem en uitwyking van Engelse motiveer[176].

Dit is belangrik dat die L.E.A.'s die statistiek en situ= asie dophou wanneer 'n volgehoue stroom immigrante 'n gebied binnekom om in 'n vroeë stadium die akute probleem dat skole deur immigrante oorstroom word en 'n ghettokarakter kry, te voorkom. Onderwysontwikkeling in konsentrasie= gebiede geniet die persoonlike aandag van die Minister van Onderwys, wat die gebiede onder andere vir verga= derings besoek. Outochtone leerlinge het uit skole gewyk waar die skole deur immigranteleerlinge oorstroom is voordat verspreiding toegepas is, maar sedertdien het die toestand verbeter[177].

5.3.9.3 Skoolplig, gratis onderwys en tipes skole

Die skoolplig duur van 5 tot 16 jaar en die onderwys is

---

175. Loc. cit. Kyk ook Palmer, G.H. Through the eyes of an immigrant. The Times educational supplement, no. 2830, Vrydag, 15 Augustus 1969, p. 17.

176. Bhatnager, J. Immigrants at school, pp. 40 - 52; Townsend, H.E.R. & Brittan, E.M. Organization in multi-racial schools, p. 77.

177. Townsend, H.E.R. Immigrant pupils in England, p. 27.

gratis in die skoolstelsel wat in tabel 53 uiteengesit is. Wat vir Britte geld, geld ook vir immigrantekinders[178].

Tabel 53

Organisasie van die onderwys in Engeland*



*Cramer, J.F. and Brown, G.S. Contemporary Education, P.270

Die onafhanklike skole is private skole met Engels as voertaal. Behalwe bogenoemde skole bestaan daar spesiale skole vir gestremde leerlinge, ook vir immigrante. Ongeag die aanwesigheid van immigrantekinders word talle Europese tale behalwe Frans as tweede taal, op skole onderrig[179].

---

178. Ibid., pp. 30 - 36.

179. Cramer, J.F. & Browne, G.S. Op. cit., p. 277.

5.3.9.4 Private moedertaalskole en moedertaalonderwys

Die afkeer van private immigranteskole in Engeland kan aan die hand van die klassieke geval van die Pole geïllustreer word[180]. Engeland het na die Tweede Wêreldoorlog 'n ereskuld gehad om aan die Poolse immigrante te betaal. 'n Komitee vir die Onderwys aan Pole is ingestel om veral kennis van die Engelse taal aan die Pole te voorsien ten einde hulle in staat te stel om 'n plek in die Britse samelewing te verwerf. Private Poolse immigranteskole is as tydelike maatreël ingestel, maar soos ander immigrante is ook die Pole aangeraai om hulle kinders na Engelse skole te stuur. Engelse kleuterskole is ook vir die Pole verpligtend gemaak sodat Poolse kinders van skoolgaande ouderdom direk in Engelse klasse opgeneem kon word. Private Poolse skole moes Britse kurrikula volg en intensiewe onderrig in Engels verskaf. In 1954 het alle private Poolse skole tot niet gegaan.

Dit staan immigrantegemeenskappe en godsdienstige groepe vry om ná skool hulle eie private skole te stig of moedertaalonderrig te gee maar die L.E.A.'s moedig die immigrantekinders nie aan om hulle taal te behou nie en wel om die volgende redes: dit vertraag die bemeestering van Engels; dit vertraag algemene vordering omdat dit studietyd verg; dit vertraag sosiale aanpassing as hulle na skool na 'n nie-Engelssprekende omgewing gaan; daar kom agteruitgang in die kind se taalvaardigheid voor wat veral na vakansies opvallend is; en dit rem integrasie[181]. Behalwe verspreiding in ooreenstemming met die amptelike beleid, word die private moedertaalonderrig tot een klas per week vir

---

180. Ministry of Education. Education in exile. History of the committee for the education of Poles in Great Britain, pp. 1 - 4.

181. Townsend, H.E.R. Op. cit. , pp. 73 - 89.

juniors en twee klasse per week vir seniors beperk, terwyl kleuters geen moedertaalklasse mag kry nie.

5.3.9.5 Spesiale maatreëls ten opsigte van klasindeling

Spesiale maatreëls om die integrasie van immigrantekinders te bevorder, sluit kleuterskoolonderwys, ontvangsentra vir skoolpligtige immigrantekinders, direkte plasing, onttrekkingsgroepe, spesiale klasse, taalsentra, remediërende onderwys, vakansieprojekte, jeugbewegings, voorligting en werkverskaffing in.

5.3.9.5.1 Kleuterskoolonderwys

Kleuterskoolonderwys moet aan alle immigrantekinders van die ouderdom van drie tot vyf jaar beskikbaar gestel word om hulle kulturele en sosiale omgewing te verryk en om daartoe by te dra dat die kinders Engels magtig en skoolgereed sal wees wanneer hulle in die kindertuin geplaas word en dat hulle normaalweg saam met die Engelse kinders sal vorder[182].

5.3.9.5.2 Ontvangsentra vir skoolpligtige immigrantekinders

Sentrale ontvangsentra, waarheen skoolhoofde alle immigrantekinders by hulle aankoms verwys, word ingestel waar die statistieke dit regverdig. Die immigrantekinders moet aldaar spesiale onderwys ontvang en daarvandaan uitgeplaas word[183]. Die hantering van 'n sentrum geskied deur 'n komitee bestaande uit 'n onderwysbeampte, 'n inspekteur, 'n adviseur oor immigranteonderwys, personeel en drie immigrantewelsynsbeamptes. By 'n ontvangsentrum word 'n volledige inligtingstuk oor onderwysvoorsiening aan immigrantekinders en hulle ouers in hulle eie taal beskikbaar gestel, en 'n welsynsbeampte, wat die kontak tussen skool en ouers moet behou, voer dan 'n onderhoud

---

182. Schools council working paper 31. Immigrant children in infant schools, p. 27.

183. Townsend, H.E.R. Op. cit., pp. 30 - 35.

met ouers en kinders om soveel inligting as moontlik oor die kinders se pedagogiese, kulturele en sosiale agtergrond te bekom. Daarna word die kinders se Engelse taalkennis gemeet, word hulle medies ondersoek en vol= gens die voorskrifte van die betrokke wet geïmmuniseer. Die kinders bly twee tot ses weke in die ontvangsentrum, waar hulle in Engels en die Engelse leefwyse onderrig word. So dien die ontvangsentrum dan as skokafweerder deur te voorkom dat kinders met onvoldoende taalkennis en kulturele agtergrond drupsgewys gedurende die kwartaal in gewone klasse opgeneem word. Hulle plasing in skole word volgens die skolastiese agtergrond van die kind en die verspreidingsbeleid beplan om latere wisseling van skole sover moontlik te voorkom.

5.3.9.5.3 Direkte plasing

Waar immigrantekinders verspreid of geïsoleerd voorkom, word hulle direk in gewone klasse volgens hulle ouder= domme geplaas sodat hulle gedwing word om slegs deur medium van Engels te kommunikeer. Die leerlingtal van so 'n geïntegreerde klas word tot 30 in primêre en 25 in sekondêre skole beperk[184]. Die immigranteleerlinge word vir ekstra taalonderrig van daardie klasperiodes onttrek waar goeie kennis van Engels noodsaaklik is. Hulle ontvang dan onderrig in sogenaamde second stage English.

5.3.9.5.4 Onttrekkingsgroepe vir spesiale Engelse taalonderrig

Immigrantekinders wat direk in gewone klasse geplaas word, word vir 'n periode tot 'n halwe dag, afhangende van hulle taalkennis, uit die gewone klas onttrek vir spesiale taal= onderrig deur die klasonderwyser, of deur 'n onderwyser wat vir dié doel aangestel word. Onttrekkingsgroepe is beperk tot klein getalle kinders wat ekstra hulp nodig het[185].

---

184. National association of schoolmasters. Op. cit., p. 10.
Townsend, H.E.R. Op. cit., p. 111.

185. Ibid.

5.3.9.5.5 Spesiale klasse

Waar voldoende nie-Engelssprekende immigrantekinders in 'n skool voorkom, word 'n spesiale klas vir hulle in die betrokke skool ingestel, of waar immigrantekinders yler verspreid is, word 'n enkele spesiale klas vir leerlinge uit verskillende skole ingestel. Die klasse het 'n maksimum van 20 leerlinge en word deur 'n ervare, spesiaal opgeleide onderwyser waargeneem. Die kinders kan die klasse voltyds bywoon of as 'n onttrekkingsgroep vir een tot vyf lesperiodes per dag vir een tot ses kwartale[186]. Hierdie klasse is aanpassingsmedia vir die nuwe immigrantekinders, maar is ook vir die intensiewe onderrig van Engels ingestel. Noormaalweg woon hulle eers die gewone skoolopening, skoolmaaltye, Liggaamsoefeninge, Musiek-, Kuns-, en Handwerkklasse by voordat hulle na die spesiale klas gaan. So word voorkom dat hulle in 'n uitsluitlik immigranteomgewing geïsoleer word. Namate hulle taalkennis toeneem, skakel hulle gaandeweg by die outochtone leerlinge in gewone klasse in. Hulle ontvang egter steeds aanvullende maar verminderende onderrig om hulle agterstand uit te wis.

5.3.9.5.6 Taalsentra

Waar daar meer immigrante voorkom as waarvoor voorsiening gemaak kan word in onttrekkingsgroepe of spesiale klasse, is taalsentra ingestel om effektief voorsiening te maak vir intensiewe kursusse in Engels[187]. Die drie tipes

---

186. Townsend, H.E.R. Op. cit., pp. 42 - 43;
Department of Education and Science. The continuing needs of immigrants. Education survey 14, p. 14 - 17.

187. Townsend, H.E.R. Op. cit., pp. 39 - 42.

taalsentra sluit uitsonderlike voltydse, algemene voltydse en deeltydse taalsentra in.

(1) Die uitsonderlike voltydse taalsentra word in afsonderlike geboue met 'n eie personeel gehuisves[188].

(2) Die algemene voltydse taalsentra vorm deel van 'n gewone skool maar met aparte akkommodasie en personeel onder 'n departementshoof[183]. Kinders word deur die ontvangsentrum of die skool waar hulle inskryf na die taalsentrum verwys. Die leerlingtal van die sentra wissel tussen 28 en 200 en die klasgetalle in die sentra van 5 tot 15. Personeel word ruim voorsien, naamlik 1 : 10 of 1 : 12. Basies word 'n intensiewe taalkursus aangebied met behulp van taalpraktika en oudio-visuele hulpmiddels sodat leerlinge so gou moontlik in die gewone skool opgeneem kan word. Sommige taalsentra gee nie net intensiewe taalonderrig nie maar verskaf ook aanvullende onderrig in vakke waarin immigrantekinders 'n agterstand toon. Vir dié doel word die volledige kurrikula van primêre en sekondêre skole gevolg. Die lengte van die kursus varieer van 'n maand tot 'n kwartaal vir intensiewe taalonderrig. Dit duur selfs tot 'n jaar waar die taal en die hele kurrikulum gevolg moet word.

Die voordele van die taalsentra is die groter individualisering weens ruimer personeelvoorsiening, die konsentrasie van hulpmiddels en bekwame personeel, die bevordering van verantwoordbare verspreiding en - waar taalsentra aan skole verbonde is - bevordering van aanpassing van die immigrantekinders by die Engelse deur middel van aktiwiteite waar 'n goeie woordeskat nie so belangrik is nie. Taalsentra help ook adolessente leerlinge wat, vanweë hulle kort skoolplig nie die volle kurrikulum kan volg nie, om die taal só aan

---

188. Loc. cit.

189. Loc. cit. en persoonlike waarneming, Londen, Maart 1972.

te leer dat hulle na skool verdere opleiding kan geniet en met minder taalprobleme die arbeidsmark kan betree. Ouers, veral moeders, word ook met groot sukses in die taalonderrig van die taalsentra betrek.

(3) Deeltydse taalsentra word in toenemende mate bo voltydse taalsentra verkies[190]. Die organisasie, personeel, toerusting en keuse van leerlinge geskied net soos vir voltydse taalsentra maar met dié belang= rike verskil dat kinders die taalsentra net vir drie of vier dae per week of vir enkele periodes van elke weeksdag bywoon. Die kinders meng dan gereeld met Engelse kinders in gewone klasse waar hulle korrekte Engels hoor en die taal in die natuurlike sosiale milieu kan aanleer.

5.3.9.5.7 Remediërende onderwys en aanpassingsklasse

Remediërende onderwys vir immigrante saam met Engelse leerlinge is ontoelaatbaar omdat die onderwys, taal= behoefte en probleme van die immigrantekind verskil van dié van 'n Engelse kind. Om dieselfde rede word ook aparte aanpassingsklasse vir "stadige leerders" voorsien. Indien albei groepe in dieselfde remediërende of aan= passingsklas is, sal hulle uiteenlopende hulp moet ontvang. Die metodes om Engelse kinders wat linguistiese en leer= probleme het, te help, verskil grootliks van dié wat by im= migrante toegepas word, en die gevaar bestaan dat namate die immigrantegetalle in remediërende of aanpassingsgroepe styg die Engelse kinders noodwendig minder aandag sal kry[191].

---

190. Ibid., p. 42.

191. Department of Education and Science. Op. cit., p. 37.

5.3.9.5.8 Vakansieprojekte en speelsentra

Die agteruitgang in immigrantekinders se taalvaardigheid gedurende vakansies, veral in immigrantekonsentrasie=gebiede, het die instelling van vakansieprojekte en speelsentra nodig gemaak[192]. Daar word voorsiening gemaak dat immigrantekinders met Engelse kinders by die ontvangsentra kan speel. Somervakansieprojekte is egter suksesvoller omdat daar voorsiening gemaak word vir intensiewe taalonderwys, instandhouding van leerlinge se woordeskat, taalverryking, studie van Engelse literatuur, sosiale verkeer en ontwikkeling van positiewe sosiale verhoudings tussen verskillende etniese groepe, gemeenskapsdiens, verkenning van die Engelse platteland en gesinslewe, en vir vakansieontspanning. Onderwys=studente word hierby betrek. Hulle gee dan geïndividualiseerde onderrig aan groepe van een tot vier kinders per klas, en Engelse kinders neem ook deel om maksimale kulturele interaksie te verhoog.

5.3.9.5.9 Jeugbewegings

Daar word ook getrag om integrasie van immigrantekinders deur middel van jeugbewegings en sport te bevorder[193].

5.3.9.5.10 Voorligting en werkverskaffing

Omdat daar dikwels teen immigrante by werkverskaffing gediskrimineer word vanweë hulle swak taalkennis, onvoldoende onderwys en onrealistiese aspirasies, word besondere beroepsvoorligting aan immigrantekinders sowel as

---

192. Townsend, H.E.R. Op. cit., p. 73 - 89; Anderson, H. Let youth tutor youth. The Times educational supplement, no. 2840, 24 Oktober 1969, p. 37.

193. Department of Education and Science. The education of immigrants. Education survey, 13, pp. 99 - 109; Omsendbrief 8 van 1967.

aan hulle ouers verskaf, en wel deur onderwysers en voor=ligtingsbeamptes van die Jeugindiensnemingsdiens[194]. Indien immigrantekinders die skool op vyftienjarige leeftyd verlaat, word getrag om hulle opvoedingspeil verder te verhoog deur deeltydse klasse aan verskillende kolleges en inrigtings. Langs hierdie weg word hulle in staat gestel om die G.C.E.-sertifikaat te behaal.

5.3.9.6 Navorsing, leerplanontwikkeling en taalmetode

In 1964 is begin met 'n navorsingsinstellingsprojek oor die onderwys van Engels aan immigrantekinders aan die onderwys van die universiteite Leeds en Birmingham. Dit het onder leiding van June Derrick gestaan en geselek=teerde skole, onderwysers van immigrantekinders, inspek=teurs, die onderwysdepartement, en Suid-Europese en Asiatiese kinders in die ouderdomsgroepe 8 tot 13 jaar, 14 tot 16 jaar en 4 tot 7 jaar betrek[195]. Aanbevelings van dié navorsers sluit die volgende in:

(1) Ouer immigrantekinders moet direk in klasse geplaas word, maar nie in die hoop dat hulle die taal effek=tief van maats sal leer nie omrede "Language does not just 'brush off' onto pupils. Where it apparently has done so it is often in a de-structured make-shift form of Pidgin English[196]." Intensiewe taalonderrig moet vooraf, veral in sekon=dêre skole gegee word en ekstra hulp moet nog na integrasie verskaf word om te voorkom dat hierdie kinders in 'n tweedeklas kategorie in die gemeenskap geplaas word.

---

194. Department of Education and Science. Op. cit.,pp.110-117.
195. Derrick, June. Teaching English to immigrants, pp. 1 - 5.
196. Stoddard, J. & Stoddard, F. The teaching of English to immigrant children, p. 120.

(2) Kleuterskool- en kindertuinkinders leer die Engelse taal binne drie maande aan in 'n geïntegreerde klassituasie, wat deur Engelse kinders oorheers word[197]. Hulle moet egter gedurig aanvullende taalonderrig ontvang, want om Engels as voertaal aan te wend, vereis akkurate, gestruk= tureerde taalkennis.

(3) 'n Taalkursus in Engels, Scope Stages I and II, bestaande uit 'n onderwysershandleiding, agt leesboeke, 'n prente= boek, 'n kinderwerkboek, plakkate, flitskaarte, magnetiese bord en Scope-handboeke, word sterk aanbeveel, veral ter verbetering van uitspraak en sosiale agtergrond[198]. Vol= gens die Scope- metode word Engels in die eerste fase eers mondeling aangeleer totdat die kind die taal ver= staan en dit as mondelinge kommunikasiemiddel kan aanwend. Daarna volg onderrig in lees en skryf. Die metode van die geïsoleerde woord word nie aanbeveel nie. Na die eerste fase in ongeveer twee kwartale voltooi is, word die kinders by gewone klasse ingeskakel vir die tweede fase, waartydens hulle nogtans periodiek onttrek word vir taalonderwys in spesiale klasse[199]. Hierdie metode moet met maksimale kulturele kontak in en na skool bevorder word.

'n Verdere navorsingsprojek waarmee The National Foundation for Educational Research tydens die skrywe van hierdie proef= skrif besig was, het betrekking op die organisasie van die onderwys vir immigrantekinders en die ontwikkeling van toetse om die vermoë van immigrantekinders te meet[200].

---

197. Schools Council. Immigrant children in infant schools, Working paper 31, pp. 1 - 63.

198. Schools Council. Scope. An introductory English course for immigrant children;
Butterworth, E. & Kinnibrugh, D. Op. cit;
Rudd, Elizabeth. Scope. Handbook 2. Pronunciation.

199. Department of Education and Science. The continuing needs of immigrants. Education survey, 14, p. 19.

200. Haynes, Judith, M. Educational assessment of immigrant pupils;
Townsend, H.E.R. Op. cit.;
Townsend, H.E.R. & Brittan, E.M. Op. cit.;
Department of Education and Science. Potential and progress in a second culture, Education survey, 10, p. 6.

5.3.9.7 Ouers

Samewerking van die ouers word gesoek deur inligting aan hulle te verstrek. Die moeder se kennis van Engels word veral beklemtoon ten einde kontak met haar kind te behou[201]. Vir dié doel word Engelse klasse by die taal- en ontvangsentra gereël. Immigranteouers word in die bestuur van ouer-onderwysersverenigings en beheerrade verkies of, waar nodig, gekoöpteer om sosiale integrasie te bevorder.

5.3.9.8 Personeelvoorsiening en onderwysersopleiding

Addisionele personeel - wat klerke, organiseerders, adviseurs, inspekteurs, onderwyswelsynsbeamptes, onderwysers en assistent-onderwysers insluit - word aan skole met immigrantekinders voorsien. In die 1970-begroting is £5,7-miljoen vir dié doel bewillig[202]. Personeelvoorsiening is ruim, naamlik een onderwyser vir elke tien immigrante in 'n skool, of een vir elke 20 in 'n onttrekkingsklas, of 1 : 12 in die taalsentra. Onderwysstudente moet opleiding in immigranteonderwys ontvang en hulle neem kursusse in Engels as tweede taal, Sosiologie, Pedagogiek, Sielkunde, Vergelykende Pedagogiek, Kinderpsigologie en Remediërende Onderwys, aangevul deur die praktiese werk tydens vakansieskole. Indiens-opleiding van ervare personeel word sterk aanbeveel en geskied met behulp van adviseurs oor immigranteonderwys met medewerking van die universiteite van Leeds en Birmingham[203].

---

201. Department of Education and Science. The continuing needs of immigrants, Education Survey, 14, p. 20.

202. Power, J. Immigrants in school, pp. 23 - 28; Townsend, H.E.R. Op. cit., pp. 90 - 99.

203. Power, J. Op. cit., p. 27.

5.3.10 Kanada as immigrasieland met twee amptelike tale

Kanada as land met twee amptelike tale, Engels en Frans, en 'n bevolking van 19-miljoen het sedert 1965 jaarliks ge= middeld 190 000 immigrante van Europa en ander lande ontvang[204]. In 1969 was daar 40 130 immigrantekinders waarvan 25% hulle in Toronto en 12% hulle in Brits Columbië gevestig het[205]. Die immigrantekinders uit Italië, Portugal en Spanje woon veral die Staatsonder= steunde Rooms-Katolieke skole by. Die immigrante se voorkeur aan Engelse skole, ook in oorwegend Franssprekende streke, is 'n bron van kommer vir die Frans-Kanadese outori= teite en daadwerklike pogings word tans aangewend om immi= grante in die Franssprekende gemeenskap te integreer[206]. Alle skole integreer immigrantekinders so gou moontlik na voltooiing van 'n intensiewe kursus in die aanleer van Engels of Frans as voertaal en deur verspreiding. Die tweede amptelike taal word eers aangeleer nadat die voer= taal gekonsolideer is.

5.3.11 Integrasie in die V.S.A.

Die Amerikaners is tereg deur pres. J.F. Kennedy as 'n nasie van immigrante bestempel, want sedert die koms van die Mayflower het die V.S.A. verskillende immigrasie= golwe beleef[207]. Die primêre doel van die onderwys aan immigrantekinders in die V.S.A. is integrasie[208]. Die immigrantekinders word by hulle aankoms Engels geleer en verspreid in gewone skole geplaas om maksimale taal- en kulturele kontak te bevorder. Kinders word waar nodig

---

204. Wilson, D. Department of manpower and immigration, Ontario; Vergelyk onderhoude en korrespondensie.

205. Loc. cit.

206. Ferguson, Edith. Social planning council of metropolitan Toronto.

207. Brown, L.G. Immigration, cultural conflicts and social adjustment, p. 167.

208. Loc. Cit.

per bus vervoer (busing) om te voorkom dat 'n skool oor= wegend deur een nasionaliteit bevolk word en 'n ghetto= karakter verkry. Immigrantekinders, onder andere sommige Meksikane wat die standaard kan verlaag, word soos kul= tureel verstoke kinders versprei[209], omdat daar bevind is dat hierdie kinders beter presteer as hulle geïsoleerd tussen die Amerikaners voorkom as wanneer hulle saam ge= groepeer word in dieselfde klas[210]. Daar is ook gevind dat die Engelssprekende en Kontinentaal-Germaanse immi= grante gouer inskakel en skolasties ook beter presteer as die Mediterreense en ander immigrante[211].

5.4 Redusering van essensiële gegewens tot 'n tabel

Die magdom feite oor die onderwys van immigrante in elke land is tot die essensiële gereduseer en horisontaal en vertikaal naas mekaar getabuleer in tabel 54 om sodoende die gegewens ordelik te kan vergelyk[212].

5.5 Voortreflikhede en leemtes in die onderwys van immigrantekinders in die immigrasielande

Met die oog op die probleemstelling[213], in essensie die verskaffing van effektiewe onderwys aan immigrantekinders, word die ooreenstemmende en teenstellende lewenswerklikhede vervolgens in vergelykbare kategorieë geklassifiseer[214]

---

209. Korrespondensie met Manford Byrd Jnr.

210. Bloom, B.S., Davis, A. & Hess, R. Compensatory educa= tion for cultural deprivation, pp. 20 - 29; Cohen, D.K. Immigrants and the schools. Review of Educational Research, Vol. 40, no. 1, Februarie 1970, p. 16.

211. Brown, L.G. Op. cit., p. 169.

212. Scholtz, A. Die probleem van vergelyking in die pedagogiek, p. 46.

213. Bereday, G.Z.F. Comparative method in education, p. 12.

214. Potgieter, F.J. Die probleem van vergelyking en evaluering in die pedagogiek, p. 4.

om ooreenkoms en verskille in die oplossing van identiese probleme te bepaal en te evalueer en om so die voortref= likhede en leemtes aan te stip met die oog op bepaling van riglyne vir die effektiewe onderwys aan immigrante= kinders in die Suid-Afrikaanse ondersoekterrein[215].

5.5.1 Voortreflikhede in die onderwys van immigrante= kinders in die immigrasielande

Dit is aksiomaties dat die opvoedingstelsel van een land nie sonder meer op 'n ander land oorgedra kan word nie omdat die onderwys gewortel is in die eie omstandighede, nasionale karakter, behoeftes en aspirasies. Daar kan en moet egter van wat in die vreemde effektief funksioneer - met inagneming van die omstandighede waaronder en die doel= eindes waarvoor dit effektief funksioneer - kennis geneem word met die oog op moontlike toepassing in die eie land, maar dan op 'n wyse wat aangepas is by die eie omstandighede en doeleindes. Wanneer tabel 54 en die paragrawe waarop dit gebaseer is, oorskou word, dan blyk dat die volgende, feitlik fundamentele maatreëls universeel beproef is en getref word by die ontwerp van 'n funksionele stelsel v. n onderwys vir immigrantekinders:

(1) Maatreëls om die vreemdheidsfaktore en die vreemdheids= element uit die didakties-pedagogiese situasie te elimineer[216].

(2) Maatreëls ter beskerming en behoud van die intraver= houding in die tradisionele idiostante kultuurkring en van die tradisionele nasionale kultuur, volkskarakter, gods= diens, taal en taalverhouding van die nasionale skool= milieu[217].

---

215. Mallinson, V. Comparative education, p. 1.

216. Vergelyk paragraaf 4.2.3.

217. Loc. cit.

(3) Maatreëls ter beskerming van die skolastiese vordering en die normale verloop van die onderwys vir die outoch= tone kinders, maar gepaard gaande met besondere hulp= verlening aan immigrantekinders.

(4) Maatreëls vir die herstel van die kontinuïteit van op= voeding en onderwys wat deur immigrasie versteur is[218].

(5) Maatreëls ter bevordering van die immigrantekinders se blootstelling aan en fisiese en funksionele kontak met die landskultuur en van integrerende sosiale inter= aksie met die outochtone kinders.

Waar ander lande met 'n langer ervaring van 'n groter omvang van immigrasie eenparig - en meestal onafhanklik van me= kaar - tot bogenoemde vertrekpunt ten opsigte van voor= siening van onderwys aan immigrante gekom het, sal dit die R.S.A. loon om toepassing daarvan te oorweeg - maar dan op 'n wyse aangepas by die eie omstandighede, probleme en eise. Behalwe bogenoemde uitgangspunte wat oorweging verg, kan verdere voortreflikhede in die immigrasielande geklassifiseer en bespreek word onder die hoofde navorsing, onderwysbeleid ten opsigte van verspreiding van immigrante= kinders, godsdiens, voertaal en die tweede taal, skoolplig, differensiasie, private skole en moedertaalonderwys, registrasie en oriëntering, klasindeling, onderwysmetodes en hulpmiddels, ouers en personeel.

5.5.1.1 Navorsing oor onderwys van immigrantekinders

Daar is hierbo aangedui dat die meeste immigrasielande intensiewe navorsing onderneem aangaande aspekte van die

---

218. Vergelyk paragraaf 4.2.1.

onderwys vir immigrantekinders. Daar is ook aangedui dat die onderwysbeleid vir immigrante grootliks berus op die resultate van navorsing. Die vernaamste resul= tate van die navorsing, wat ook moontlik 'n rol kan speel by die formulering van 'n eie beleid, word ver= volgens aangestip.

Die arbeidstekorte en die demografiese versterkings= doeleindes is belangrike motiewe vir immigrasie, en in albei gevalle is dit noodsaaklik dat die onderwys voor= siening daarvoor maak om skoolpligtige immigrante so effektief en ekonmies as moontlik toe te rus vir ekono= miese produktiwiteit, kulturele integrasie, sosiale in= skakeling en burgerskap[219]. Die trek- en stootfaktore en die immigrasiemotief, wat die immigrant se siening ten opsigte van vestiging bepaal, maak dit noodsaaklik om die immigrantekind so gou moontlik in te skakel. Vry= willige immigrasie om ekonomiese motiewe laat die immigrant, met materialistiese motiewe, sy vestiging aanvanklik as tydelik bejeën maar ekonomiese welvaart en sy kind se suksesvolle inskakeling laat die immigrant sy vestiging as permanent sien[220]. Gedwonge immigrasie laat vlug= telinge hulle vestiging as permanent bejeën, maar die geluk van die vlugtelingimmigrantekind is bepalend vir die ouer se permanente vestiging. Die onderwys moet derhalwe voorsiening maak vir die variërende mate van vreemdheid van immigrante, wat deur hulle herkoms en die immigrasiegeskiedenis van die betrokke lande bepaal word[221]. Statistiese ondersoeke dui daarop dat dit noodsaaklik is om die statistiese omvang van immigrasie, sowel van die immigrantekinders wat met hulle ouers immigreer as van

---

219. Vergelyk paragrawe 5.3.2.2 en 5.3.3.6.
220. Vergelyk paragrawe 5.3.3.2 en 5.3.9.5.10.
221. Vergelyk paragrawe 3.3, 4.2 en 5.3.

die natuurlike aanwas van immigrante deur geboorte in ag te neem by die onderwysbeplanning vir immigrante; só ook die vestigingspatroon van immigrante in die nywerheidsgroeipunte[222].

Immigrasie in al bogenoemde immigrasielande word primêr deur die arbeidstekort gemotiveer[223]. Die lande bied egter ook 'n heenkome vir politieke vlugtelinge. Die nasionale herstel van Israel, as demografiese en historiese trekfaktor, motiveer immigrasie in Israel nog verder[224]. Die meeste immigrante, met die uitsondering van vlugtelinge wat gedwing word om 'n nuwe heenkome te vind en die Jode wat Eretz Israel vooropstel, immigreer vrywillig en hoofsaaklik om ekonomiese redes. Die immigrasiemotief bepaal die immigrant se siening van sy vestiging en gesinsmigrasie; so sien die Jode hulle vestiging as permanent. 'n Tipiese verskynsel by immigrante, veral uit ekonomies arm lande, is dat hulle hulle vestiging aanvanklik, om materialistiese motiewe as tydelik bejeën met die doel om so gou moontlik soveel geld as moontlik te verdien en dan terug te keer na die vaderland[225]. Sodra die immigrante egter ekonomies gevestig is en hulle kinders gelukkig is en goed op skool vorder, vestig hulle hulle permanent[226]. Ekonomiese welvaart, politieke sekerheid en hulle kinders se geluk, bepaal ook grootliks die permanente vestiging van vlugtelinge. Behalwe in Israel, waar verspreide vestiging beplan word, veroorsaak die vraag na werkers in nywerheidsgroeipunte onder andere die volgende twee groepe probleme, waarmee navorsing wel deeglik moet tred hou:

(1) die probleem van immigrante te midde van 'n vlottende outochtone bevolking wat self in organgsones van stede sosiale aanpassingsprobleme het;

222. Vergelyk paragrawe 5.3.2.12, en 4.5.2.3.
223. Vergelyk paragrawe 5.3.3.1, 5.3.4.1 en 5.3.5.1.
224. Vergelyk paragraaf 5.3.2.1.
225. Vergelyk paragraaf 5.3.3.6.

(2) die probleem van die outochtone sosiale milieu in oorgangsones van nywerheidstede waar immigrante hulle vestig met 'n sterk neiging tot groepsvestiging, wat uitwyking van die outochtone bevolking motiveer[226]. Later neig die immigrante ook om na meer gegoede woonbuurte te diffundeer. Dit het veral duidelik geblyk dat laasgenoemde vestigingspatroon 'n oneweredige verspreiding van immigrantekinders in skole, asook die akkumulering van een nasionaliteit in 'n skool en selfs in sommige klasse veroorsaak. So word die nasionale karakter van die skool en/of die klas aangetas en verkry dit 'n ghettokarakter. Dit motiveer uitwyking van die outochtone bevolking[227]. Gekonsentreerde vestiging gee ook aanleiding tot die stigting van private immigranteskole, wat integrasie rem[228]. Navorsers moet veral die oog op gesinsimmigrasie hou, aangesien dit nie slegs huidige kinders na die immigrasielande bring nie, maar ook die potensiaal het om die aantal immigrantekinders deur geboorte te laat toeneem. Voortdurende demografiese prognose is derhalwe nodig om te verhoed dat 'n onvoorsiene aantal immigrantekinders integrasie rem en die didakties-pedagogiese situasie in en die nasionale karakter van skole versteur[229]. Dit blyk dat die immigrante in die Europese immigrasielande hoofsaaklik uit die ekonomies arm Rooms-Katolieke Mediterreense lande of uit buurstate afkomstig is, terwyl immigrante in Engeland hoofsaaklik uit Statebondslande of uit Europa kom, dié in Kanada uit Europa, en dié in die V.S.A. uit Meksiko en Europa[230]. Dit is duidelik dat al die immigrasielande deur die basiese en gemeenskaplike probleem gekonfronteer word van immigrantekinders wat in variërende mate vreemd is in die skole van die immigrasielande en wat onderling verskil ten opsigte van kultuur, taal, skolastiese peil, ens. Dit

---

226. Vergelyk paragraaf 4.5.2.3.
227. Vergelyk paragrawe 5.3.3.6 en 5.3.9.4.
228. Loc. cit.
229. Vergelyk paragraaf 5.3.3.1.
230. Vergelyk paragraaf 5.3.3.1, tabel 45.

blyk ook dat bemeestering van die amptelike medium van onderrig die mees basiese vereiste vir integrasie van immigrante is; dat besondere hulpverlening op hierdie gebied noodsaaklik is; en dat dit verkieslik is dat ook ouers gehelp word om die amptelike taal te bemeester ten einde volledige kommunikasie met hulle kinders te hand= haaf.

Feit is dat die probleme van immigranteonderwys op die voortreflikste wyse benader word in dié immigrasielande waar navorsing die formulering van 'n onderwysbeleid vir immigrantekinders voorafgegaan het.

5.5.1.2 Onderwysbeleid ten opsigte van verspreiding van immigrantekinders

In die meeste lande met 'n omvattende en helder beleid vir die onderwys van immigranteleerlinge val dit op dat dit op landswye grondslag, gekoördineerd uitgevoer word, gewoon= lik onder finale toesig van 'n minister. Die algemene neiging in beleidsbepaling is tereg om enersyds die beskermingsfunksie wat die Staat teenoor die volkskarakter van die outochtone bevolking het tot sy reg te laat kom en om andersyds spoedige en volledige integrasie en toerusting van die immigrantekind te bewerkstellig. Daarom word konsentrasie van vestiging in geslote immigrantegemeenskappe, konsentrasie van immigrante= leerlinge in bepaalde skole en klasse en private immigrante= skole aan bande gelê. Die behoud van die nasionale kultuur en volkskarakter en eventuele nuttige burgerskap word oral be= klemtoon. 'n Redelik algemene en verantwoordbare beleidstendens is om immigrantekinders sodanig te versprei dat daar nie meer as 20% immigrantekinders en 5% van een nasionaliteit per skool en nie meer as vier immigrante per klas toegelaat word nie[231]. Sodoende word getrag om:

(1) die nasionale karakter en patroon in die tradisionele idiostante kultuur te behou;

---

231. Vergelyk paragraaf 5.4, tabel 54.

(2) die outochtone kind te beskerm teen vertraging vanweë moontlike remmende en negatief beïnvloedende immigrante= leerlinge;

(3) die vreemdheidselement in die didakties-pedagogiese situasie te beperk sodat die onderwys normaal kan verloop; en

(4) die immigrantekind maksimaal bloot te stel aan fisiese, funksionele taalkontak en sosiale interaksie om integrasie te bevorder en taalgroepvorming te voorkom.

Dit val op dat immigranteouers vooraf oor die onderwys- en verspreidingsbeleid en die voordele daarvan ingelig word[232]. Dit is ook van belang om daarop te let dat plasing van immi= granteleerlinge sodanig geskied dat verwisseling van skole sover as wat moontlik is voorkom word. Waar behuising aan immigrante verskaf word, word plasing van gesinne vooraf volgens die verspreidingsbeleid beplan om sodoende gekonsen= treerde groepsvorming en ghettovorming te voorkom. Veral in Israel val dit op dat besondere aandag gegee word aan die be= skerming, behoud en uitbou van die nasionale karakter; dat die onderwys vir immigrantekinders sterk ingestel is op spoedige en volledige integrasie en op voorkoming van die totstandkoming van anderstalige Joodse groepe; en dat die amptelike taal en verspreiding sterk beklemtoon word as integrasie-agense[233].

5.5.1.3 Beleid ten opsigte van godsdiens

Dit blyk dat die onderwysbeleid in die reël ook voorsiening maak vir die eerbiediging van die godsdienstige oortuiging van immi= grantekinders. Máár, waar daar 'n samehang tussen die religie

---

232. Vergelyk paragrawe 5.3.3.2, 5.3.5.2, 5.3.9.2 en 5.3.9.7.
233. Vergelyk paragrawe 3.4.3.4.2, 4.6 en 6.

van 'n volk en die nasionale karakter met die daaruit spruitende opvoedingstruktuur is, moet die immigrante hulle by die godsdiens= reëlings van die skool neerlê. Die godsdienstige tradisie, wat deel van die nasionale karakter van die skool vorm, word beskerm sodat die godsdiensverhouding van die gemeenskap nie versteur word nie. Die rede vir hierdie godsdiensbeskerming is dat indien nuwe religieuse dogmas in 'n land begin posvat dit uiteindelik ook sal deurwerk na die pedagogiese terrein waar verskille en teenkanting teen religieuse groepe hindernisse in die opvoeding veroorsaak[234]. Staatsingryping was byvoorbeeld nodig om die invloed van die Rooms-Katolisisme in die Protestantse streek in Switserland te stuit[235]. Teenkanting teen Rooms-Katolieke immigrante in België, Kanada en Nederland, en hulle voorkeur aan Rooms-Katolieke kloosterskole, wat 'n pedagogies nadelige opeenhoping in die skole veroorsaak, baar kommer in dié lande, sodat Staatsingryping oorweeg word. Die bepaling in Israel dat elke immigrant by immigrasie onmiddellik 'n Joodse burger is, maak dit moontlik om die Judaïsme as tradisionele gods= diens in die skole te handhaaf.

5.5.1.4 Beleid ten opsigte van die voertaal en tweede taal

Die primêre doel in die onderwys van immigranteleerlinge ir die immigrasielande is dat immigranteleerlinge so gou moontlik die amptelike voertaal moet aanleer om 'n brug tussen die ou en nuwe omgewing te slaan en integrasie te bevorder. Dit is op= vallend dat die voortreflikste navorsing oor taalonderrig, veral met die doel om immigranteleerlinge so gou moontlik met 'n praktiese woordeskat toe te rus, juis in die lande met een taal onderneem is, omdat besef word dat die taal so 'n belang= rike invloed op die nasionale karakter van die onderwys uit= oefen[236].

---

234. Hans, N. Op. cit., pp. 10 en 33;
Vergelyk paragrawe 4.5.2.2 en 5.3.4.3.

235. Vergelyk paragraaf 5.3.4.3.

236. Onderhoud met Grange, Pierre, CREDIF, St. Cloud.

In Switserland en België, waar die amptelike tale 'n streeks= verdeling toon, word immigrantekinders, al is hulle een van die amptelike voertale magtig, verplig om die naaste skool van die omgewing by te woon en die voertaal van die omgewing aan te leer[237], en wel om die volgende redes:

(1) om die voertaal van die sosiale taalomgewing te beskerm;

(2) om die historiese binnelandse politiese konfrontasie en linguistiese oorlog tussen die taalgroepe te voorkom;

(3) om sosiaal te integreer met die oog op die toekoms en omdat interaksie met die sosiale taalomgewing die aan= leer van die taal stimuleer;

(4) omdat die voertaal van die omgewing by die geografiese en fisiese omgewing en die stadium van ontwikkeling pas; en

(5) om vreemde taalgroepvorming te voorkom.

In al die relevante immigrasielande word eers met die onder= wys van die tweede amptelike taal begin nadat die nuwe voer= taal gekonsolideer is. Immigrante word dikwels ook van die tweede taal vrygestel ten einde hulle moedertaal te kan neem.

5.5.1.5 Skoolplig

'n Voortreflike reëling in al die immigrasielande, wat nie net van nasionale nie maar ook van ekonomiese belang is, is dat immigranteleerlinge skoolpligtig is, volgens die statute van die nuwe tuisland, al het hulle reeds die

---

237. Vergelyk paragrawe 5.3.4 en 5.3.6.

skoolplig wat in hulle herkomsland voorgeskryf is, vol= tooi[238]. Ouer immigranteleerlinge uit lande met laer skoolpliggrense ontvang enersyds intensiewe taalonderrig, wat hulle beter toerus om in te pas in die outochtone ge= meenskap en om sosiaal en nasionaal te integreer. Ander= syds ontvang hulle tegniese of ander beroepsgerigte onder= wys vir toetrede tot die arbeidsmark en om hulle produk= tiwiteitspotensiaal te verhoog. Dit is voorts van besondere belang om daarop te let dat dit algemene praktyk is om im= migranteleerlinge wat nog nie skoolpligtig is nie kleuter= skole te laat bywoon met die oog daarop om hulle die voer= taal paties te laat aanleer en om skoolgereedheid te ver= snel.

5.5.1.6 Differensiasie, toelating, plasing en bevordering

Die onderwys is in al die immigrasieland ook vir immigrante= leerlinge gedifferensieerd. Immigrante se plasing in skole en klasse word gereël volgens die verpligte verslag van die skole uit hulle eertydse vaderland. Hulle skolastiese vor= dering hang af van die bevinding van die inspekteur en siel= kundiges. Konsessies word gemaak vir hulle bevordering. Daar is in die V.S.A. bevind dat immigranteleerlinge van die Verenigde Koninkryk en Kontinentaal-Germaanse lande skolasties beter presteer as leerlinge van die ontwikkelende en Mediterreense lande. Navorsing oor kultuurvrye meting van immigrante se vermoë is onder andere in Israel, Engeland en die V.S.A. gedoen, en daar is bevind dat swakker presta= sie gewoonlik aan oorerwingsfaktore, kulturele verstokenheid en betekenisvol minderwaardige opvoeding toegeskryf moet word[239]. Gevolglik word die immigrasie van sodanige

---

238. Vergelyk paragrawe 5.32.5, 5.3.3.4 en 5.3.5.3.
239. Cohen, D.K. Op. cit., p. 16.

leerlinge deur strenger keuring beperk[240].

5.5.1.7 Private immigranteskole en moedertaalonderrig

Die instelling van private immigranteskole word tereg in al die immigrasielande as polities en pedagogies ongewens beskou omdat:

(1) sodanige skole juis die karakter van die eertydse gemeenskap, volk, kultuur, lojaliteit en trou beskerm en bevorder[241];

(2) historiese ervaring bewys het dat dit die totstandkoming van vreemde taalgroepe tot gevolg het en integrasie rem[242];

(3) dit nie in nasionale belang is om vreemde nasionale skole toe te laat nie;

(4) die betrokke kinders aan die periferie van twee kulture leef; en

(5) kinders ekonomies en kultureel toegerus word vir 'n bestaan in 'n vreemde land en private skole nie daartoe bydra dat hulle hulle identifiseer met die land en sy mense nie en ook nie om hulle ekonomies mededingeng te maak nie. Dit is ook van belang om daarop te let dat die skole nie finansiële hulp van die immigrasieland kry nie omdat die landsfinansies slegs in eie nasionale belang bestee word en dat onderrig in die immigrante se moedertaal as tweede taal in nasionale skole gegee word om bywoning van private immigranteskole te ontmoedig.

---

240. Cohen, D.K. Op. cit., p. 27;
Brown, L.G. Op. cit., p. 316.

Anon. Education of the refugee in the United States. International Review of Education, Vol IV, no. 3, 1958, p. 374.

241. Koch, Herbert, R. Op. cit., p. 64.

242. Davie, M.R. World immigration with special reference to the United States, p. 145.

Private moedertaalskole word ook in breë kring ontmoedig en teëgewerk deur aandrang op bywoning van buitemuurse aktiwiteite, vakansieskole en kampe en lang skoolure - ook smiddae. Waar moedertaalonderwys vir immigrante wel op die Europese vasteland in skole aangebied word, is dit vanweë die Europamotief of om die wanpraktyke in verband met private moedertaalonderrig teen te werk[243].

5.5.1.8 Klasindeling

Voortreflike maatreëls ten opsigte van taalonderwys, wat onder andere voorsiening maak vir die variërende grade van vreemdheid van immigranteleerlinge, hulle kultuur= afstand en potensiaal om 'n nuwe kultuur aan te leer, is op grond van ervaring en navorsing in die immigrasielande se skole ingestel. So word aan alle immigranteleerlinge die geleentheid gebied om maksimaal te vorder en in te skakel. Voorskoolse immigrantekinders word verplig om kleuterskole by te woon om die voertaal aan te leer[244]. Skoolpligtige immigranteleerlinge in immigrantekonsen= trasiegebiede gaan deur ontvangsentra, wat hulle ver= spreiding reël[245]. Goed aangepaste immigranteleerlinge word veral in primêre skole direk in gewone klasse opge= neem waarin die aantal immigrantekinders beperk word met die oog op maksimale taalkontak[246]. Ouer immigrante= leerlinge afkomstig uit ontwikkelde lande word met die oog op intensiewe taalonderrig met behulp van elastiese integrasie ingeskakel[247]. Kultureel verstoke immigrante= leerlinge van die Mediterreense en ontwikkeldende lande,

---

243. Vergelyk paragrawe 1.4.5, 4.2 en 5.3.8.
244. Vergelyk paragrawe 5.3.4.8.1, 5.3.5.8.1 en 5.3.5.9.1.
245. Vergelyk paragraaf 5.3.9.5.2.
246. Vergelyk paragrawe 5.3.2.9, 5.3.3.9.1, 5.3.4.8.2 en 5.3.9.5.3.
247. Vergelyk paragrawe 5.3.5.8.5 en 5.3.9.5.4.

waar die onderwysstandaard laer is as in die immigrasie= lande, moet met een van 'n verskeidenheid tipes oorgangs= klasse die groot kultuurafstand oorbrug en hulle taal- en skolastiese agterstand inhaal. Voorsiening word vir ouer immigranteleerlinge gemaak om met behulp van inten= siewe taalklasse, wat van 'n kwartaal tot 'n jaar duur, die voertaal so gou moontlik aan te leer ten einde so gou moontlik die kurrikulum van die sekondêre skool te kan volg[248]. Adolessente immigranteleerlinge is onderhewig aan die skoolplig wat in die besondere immigrasielande geld. In heelwat gevalle lei dit daartoe dat hulle moet terug= gaan skool toe, waar hulle die voertaal kan aanleer en beroepsonderwys kan ontvang om meer ekonomies produktief en mededingend te word[249]. Remediërende onderwys word in alle vakke maar veral in die voertaal aan immigrante= leerlinge verskaf om hulle in staat te stel om normaal te vorder en kultureel in te skakel sodat hulle mede= dingend met die outochtone leerlinge kan word. Die leerstof van oorgangsklasse is ook sodanig gekies dat dit die immigrantekind bekend stel met die kulturele agtergrond en leefwyse van die outochtone bevolking en hom deur akkulturasie tot burgerskap motiveer.

5.5.1.9 Metode en inhoud

Voortreflike onderwysmetodes soos die Hebreeuse metode, Bonjour Line, Scope en ander is ontwikkel om die immi= grante so gou moontlik 'n funksionele woordeskat te laat leer. Die woordeskat is gebaseer op die alledaagse omgangstaal en sluit die woorde met die hoogste gebruiks= frekwensie in[250]. Daarby word die immigrante deur verspreiding gedwing tot maksimale taalinteraksie

---

248. Vergelyk paragrawe 5.3.3.9.3, 5.3.4.8.4, 5.3.4.8.5 en 5.3.5.8.4.

249. Vergelyk paragrawe 5.3.5.8.5 en 5.3.9.5.10

250. Vergelyk paragraaf 5.3.5.9.

met die inheemse bevolking. Veelvuldige hulpmiddels soos bandopnamemasjiene,kasette, oorhoofse projektors, projektors, strookfilms, lees- en werksboeke, speletjies en taalpraktika word gebruik om die kinders eers te laat luister, verstaan en praat en daarna te laat lees en skryf. Daarby word leerlinge in reële situasies gestel deur die realiteit in die klasse te skep of deur kinders op uitstappies en vakansieprojekte te neem ten einde die leerlinge se taalagterstand uit te wis[251].

5.5.1.10 Personeelvoorsiening

Dit is in al die immigrasielande die beleid om die mees ervare en bekwame onderwysers, wat 'n positiewe instelling teenoor die immigrantekinders het, aan te stel vir hulle spesiale taalonderwys. Die permanentheid van hierdie personeel op voltydse of op deeltydse basis is belangrik omdat die onderwyser sekuriteit vir die immigrant moet beliggaam. Dié personeel word opgelei in die aanvangsonderwys en metodiek van tweede- of vreemdetaalonderwys. Opleiding word aan onderwyskolleges verskaf maar indiensopleiding word ook deur onderwysowerhede voorsien, veral ten opsigte van taalpraktikum,tegniek, Sosiale en Psigologiese Pedagogiek, Ortodidaktiek, Sosiolinguistiek, Fonetiek, Oudio-visuele onderwys en onderwysmetodiek met betrekking tot vreemde tale.

Vak- en klasonderwysers is daarvoor verantwoordelik om die vakwoordeskat aan immigrantekinders te leer, dikwels na skool en teen ekstra vergoeding. Voorsiening word ook gemaak vir benoeming van pedagogiese adviseurs, inspekteurs van immigranteonderwys, onderwyswelsynsbeamptes, spraakterapeute en administratiewe personeel[252]. Personeelvoorsieningskale maak voorsiening vir toegewings

---

251. Vergelyk paragrawe 5.3.2.10 en 5.3.9.5.8.
252. Vergelyk paragraaf 5.3.9.5.2.

waar immigranteleerlinge voorkom om die grootte van klasse met immigranteleerlinge te beperk.

5.5.1.11 Ouers

Al die immigrasielande poog om die immigranteouers sosiaal en kultureel in te skakel deur linguistiese integrasie en oriëntering ten opsigte van die land, sy wette, kultuur, sedes, gewoontes en gebruike. Onderwysers verskaf spesiale taalonderwys aan ouers, soms teen ekstra vergoeding. Die betrokkenheid van die immigranteouers by hulle kinders se onderwys word verder beklemtoon deur onderwysvoorligting, hulp van pedagogiese adviseurs en inligtingsbrosjures aan ouers te verskaf. Ouers word ingelig oor die verspreiding en etniese beperking van immigrantekinders per skool en die voordele wat dit vir immigrante inhou. Daar word ook voorsiening gemaak vir verteenwoordiging van immigrante= ouers in skoolkomitees en ouer-onderwyserverenigings. Die belangrikheid daarvan om die outochtone gemeenskap sowel as die immigrante op te voed tot inburgering en die oorkoming van psigologiese en kulturele versperrings word in die meeste immigrasielande terdeë besef. Daar word getrag om die outochtone bevolking te motiveer om die immigrante in die landskultuur in te lyf, terwyl van die immigrante ver= wag word om taal-, ideologiese en godsdienstige verskille by te lê om hulle inskakeling in die sosiale, ekonomiese, kulturele en politieke lewe van die outochtone bevolking te bevorder. Alhoewel die historisiteit van immigrante geensins ontken word nie, word hulle gekondisioneer tot inskakeling en nasionale eenheid[253].

5.5.2 Leemtes in die onderwys van immigrantekinders in die buiteland

Behalwe die voortreflikhede in die onderwys van immigrante= leerlinge in die immigrasielande is daar ook leemtes. Die leemtes het veral betrekking daarop dat die vreemdheidsfaktore

---

253. Vergelyk paragraaf 5.3.2.2.

van immigrantekinders in die didakties-pedagogiese situasie ooglopend toegelaat, verleng en beklemtoon word[254] deurdat:

(1) vreemde situasies in die tradisionele idiostante kultuurkring ontstaan of geskep word[255];

(2) die intraverhouding ook tussen ouer en kind ten opsigte van die tradisionele idiostante kultuur-, volks-, taal- en godsdienskring versteur en bedreig word[256];

(3) die outochtone kinders traumaties blootgestel word aan dominante vreemde kultuurinvloede[257];

(4) die herstel van die kontinuïteit van opvoeding wat deur immigrasie versteur is, vertraag word[258]; en dat

(5) die immigranteleerlinge se blootstelling aan fisiese en funksionele kontak met die outochtone kultuur en kinders soms beperk en uitgestel word[259].

Besondere leemtes word vervolgens aangedui ten opsigte van navorsing en beleidsbepaling, godsdiens, taal, private skole, klasindeling, onderwysmetode, ouers en personeel.

5.5.2.1 Navorsing en beleidsbepaling

In die lande waar navorsing nog in die aanvangstadium is en 'n volledige onderwysbeleid vir immigrantekinders nog geformuleer moet word, bestaan daar opvallende leemtes

---

254. Vergelyk paragraaf 4.2.3.
255. Vergelyk paragrawe 4.3.8.1, 4.5. en 5.5.2.3.
256. Vergelyk paragrawe 4.5.1.2, 4.5.4 en 5.5.2.4.
257. Loc. cit.
258. Vergelyk paragrawe 4.5.1.2.1, 3.4.3.3 en 5.3.4.8.3.
259. Loc. cit.

soos gekonsentreerde vestiging in sekere gebiede en dus 'n oneweredige verspreiding van immigranteleerlinge in skole[260]. Gepaard hiermee kom akkumulering van 'n bepaalde nasionaliteit in 'n bepaalde skool voor, wat die nasionale karakter van die skool aantas en dit 'n ghetto=karakter gee. In Engeland word integrasie met verspreiding beoog maar waar die geneties vreemde Wes-Indiërs, Indiërs en Pakistani's, Negers en Bantoes in skole akkumuleer, wyk die Britte uit die skole[261].

5.5.2.2 Leemtes ten opsigte van godsdiens

Die neiging van Rooms-Katolieke immigrante om in klooster=skole, wat alreeds in die oorwegend Protestantse gemeen=skappe vreemd is, te konsentreer, is 'n probleem wat in Switserland, Nederland, België en Kanada voorkom[262]. In Switserland bestaan daadwerklike teenkanting teen Rooms-Katolieke konsentrasies wat 'n hindernis in die opvoeding veroorsaak, sodat Staatsingryping nodig geag is.

5.5.2.3 Leemtes ten opsigte van die voertaalkeuse

Die intraverhouding in die tradisionele idiostantekultuur=kring, sowel as die taalverhouding is in Kanada deur immi=grasie versteur deurdat immigrante Engels as voertaal[263], in oorwegend Franse gebiede verkies. Selfs in België, waar Engels nie 'n amptelike taal is nie, word Engels in toenemende mate as tweede taal geneem; so ook in Nederland en die Bondsrepubliek Duitsland. Die neiging om voorkeur aan Engels as voertaal te gee, kan toegeskryf word aan die feit dat Engels, veral in die internasionale handel, as lingua franca aanvaar word[264].

---

260. Vergelyk paragraaf 5.3.7.
261. Vergelyk paragraaf 5.3.9.2.
262. Hans, N. Op. cit., pp. 10 en 33;
Vergelyk ook paragrawe 5.3.4.3, 5.3.7 en 5.3.10.
263. Vergelyk paragrawe 3.4.1.3, 4.5.2.1 en 5.3.10.
264. Burniston, Christabel. Spoken English in further education, p. 7.

5.5.2.4 Private skole

Private skole[265] word slegs voorlopig in Israel geduld om immigrasie, burgerskap en goeie finansiële betrekkinge met die Jode van die V.S.A. en Kanada te behou. Switserland laat private skole vir kinders van Italiaanse trekarbeiders toe mits hulle die skole nie langer as twee jaar bywoon nie en dit word slegs met die oog op goeie ekonomiese samewerking tussen bure geduld. In Wes-Duitsland is daar deur die ervaring van die ghettoskool in Stiltz geleer welke nadelige gevolge afskeiding, segregasie en isolasie het[266]. Behalwe die invloedsmoontlikhede wat 'n vreemde land deur middel van private immigranteskole verkry, rem die skole die inskakeling van immigranteleerlinge en die herstel van die kontinuïteit van die opvoeding.

5.5.2.5 Leemtes met betrekking tot klasindeling

Übergangsklassen is 'n leemte wat uit die tydperk voor navorsing en beleidsformulering in Wes-Duitsland en Switserland spruit[267]. Dit het die nadeel dat immigranteleerlinge van dieselfde nasionaliteit of verskillende nasionaliteite in een klas saamgegroepeer word sodat 'n vreemde situasie in die idiostante kultuurkring geskep word, die vreemdheid van die immigranteleerlinge beklemtoon word en inskakeling gerem word, wat weer die vreemdheid verleng.

---

265. Vergelyk paragrawe 5.3.2, 5.3.3.6, 5.3.4.6, 5.3.5.6 en 5.3.9.4.
266. Vergelyk paragraaf 5.3.3.7.
267. Vergelyk paragraaf 5.3.4.8.3.

5.5.2.6 Onderwysmetodes

Waar daar nog nie voldoende taalnavorsing onderneem is nie, is die kernwoordeskat, kernstrukture van die taal en die effektiefste metodes om die landstaal aan immigrante te onderrig nog nie bepaal nie[268]. Dit verleng die tydperk wat dit die immigrant kos om die voertaal aan te leer en effektief te gebruik. So word die tydperk om die kontinuiteit van die opvoeding te herstel ook verleng en word integrasie vertraag.

5.5.2.7 Ouers

Dit kom dikwels voor dat die immigrantemoeders nie die voertaal aanleer nie en trag om die kultuur van die land van herkoms in stand te hou[269]. Gevolglik ontstaan daar 'n kloof tussen ouer en kind wat nadelig vir die opvoeding is.

5.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die onderwys van die immigrantleerlinge in die buiteland beskryf, en leemtes en voortreflikhede is aangestip. Dit kan help om riglyne vir effektiewe onderwys in die R.S.A. te gee. Daar sal vervolgens met inagneming van wat in die buiteland te leer is en met inagneming van behoeftes en probleme in die ondersoekterrein, kriteria bepaal word waarvolgens voorstelle ter verbetering van immigranteonderwys in die ondersoekterrein gemaak kan word.

---

268. Vergelyk paragrawe 5.3.3.10 en 5.3.5.9.
269. Vergelyk paragrawe 5.3.3.11 en 5.3.5.10.